

Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging aan die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog-Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en steun die Departement se beleid ten opsigte van additiewe tweetaligheid.

Kinders begin hul addisionele taal, Afrikaans, in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog-Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.

Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag, om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 3 en later te lees en te skryf.

Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en verg dat leerders 'n spesiale taalstyl vir leerdoeleindes moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltekste lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekeninge maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, eksamen skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.

Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die vaardighede aan te leer wat hulle in die grondslag en intermediêre fase nodig sal kry. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net soveel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.

Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.

Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*

Rainbow WORKBOOKS

FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS GRADE 5 – TERM 1 - 2

ISBN 978-1-4315-0687-3

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

Graad 5

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 1
Kwartaal 1-2



Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS

AFRIKAANS
First Additional Language

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0687-3

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



Graad 5

Eerste Addisionele Taal

AFRIKAANS

Kwartaal 1 & 2



Hierdie boek behoort aan:

1

Ek en die mense om my

DATUM





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Vul dan die antwoorde op die vrae hieronder in.





Waarom dink jy staan die meisie alleen?

Dink jy sy is gelukkig of ongelukkig?

Waarom dink jy kinders is soms gemeen teenoor ander kinders?

Hoe sou jy hierdie meisie probeer help? Wat sou jy vir haar sê?

Wat dink jy vier die seun?

Is hy gelukkig? Hoe weet jy dit?

Dink jy mense hou van hom? Waarom sê jy so?



Ons lees

Toe Bheki 6 jaar oud was, het sy ouers van Johannesburg na Thohoyandou verhuis. Hulle het lank gewag om van die **besoedeling**, geraas en verkeer van Johannesburg weg te kom. Hulle het gemeen dat Bheki hom makliker in 'n klein dorpie sou **aanpas**. Maar Bheki was baie ongelukkig. Van die eerste dag af het hy nie van die kinders in sy skool gehou nie. Sy maats in Johannesburg was so modern en het so mooi aangetrek. Hier het niemand oulik aangetrek nie. Hulle het almal Venda gepraat en pap skool toe gebring.

NUWE WOORDE

Bheki lyk so **stug** dat niemand met hom wil praat nie. Na 'n volle week by die nuwe skool het hy nog geen maats nie. Bheki is ook nie gewoond aan speel nie. Hy kan nie vinnig hardloop soos die ander kinders in sy klas nie. Hy weet nie hoe om fiets te ry nie. Al hierdie dinge laat hom baie **alleen** voel.

Die ander kinders in sy klas lag hom uit. Party kinders is jaloers op sy oulike besittings, en **beledig hom** omdat hy niks wil deel nie.

Bheki is baie ongelukkig. Een aand by die huis huil hy en begin hardop met homself praat. "Ek wens ek kon vinniger as enigiemand anders hardloop. Ek wens ek kon fiets ry. Ek wens … ek wens …."

Beantwoord nou hierdie vrae.



Ons skryf

Waarheen het Bheki en sy gesin verhuis?

In watter provinsie is Thohoyandou?

Was Bheki gelukkig in Thohoyandou? Sê waarom.

Waarom het die kinders in sy skool nie van Bheki gehou nie?

Bheki het twee wense uitgespreek. Hy wou nog twee dinge wens. Wat dink jy wou hy nog wens?



Ons pas

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas. Ons het een reeds vir jou gedoen. Skryf die woorde links in jou woordeboek.

besoedeling	rommel en vullis in die omgewing
aanpas	onvriendelik
stug	gemene dinge vir iemand sê
beledig	gewoond raak aan
alleen	sonder enige maats

Onderwyser:
Teken:
Datum:

2 Dinge wat ek wens

DATUM



Ons skryf

Telbare selfstandige naamwoorde is noemwoorde met 'n meervoudsvorm, byvoorbeeld een hond, twee honde.

Meer as een
Vul die meervoude van hierdie enkelvoudige selfstandige naamwoorde in.

Enkelvoud	Meervoud
maat	
skool	
broer	
les	
fiets	
kind	





Ons skryf

Meer as een. Vul die regte selfstandige naamwoorde in die spasies in.

pret slaap kwaad

verkeer sokker maats

Ontelbare selfstandige naamwoorde is noemwoorde wat geen meervoudsvorm het nie. Ons kan dit nie tel nie. Sand is 'n voorbeeld hiervan.

In Johannesburg het ek _____ gespeel, maar niemand speel dit in Thohoyandou nie.

Die ander kinders ry graag fiets. Dit is vir hulle _____.

My ma sê _____ is belangrik as ons behoorlik wil groei.

Ek hou nie daarvan om _____ vir die ander kinders te voel nie. Ek sou eerder met hulle _____ wou wees.

Dit is baie stil in Thohoyandou. Daar is nie eens _____ nie.





Ons skryf

Skryf 3 sinne oor Bheki.
Begin jou sinne met hierdie woorde:

Eers, toe ek vyf was, _____.

Toe ek ses was, _____.

Aan die begin was ek _____.

Toe het ek _____.

Uiteindelik het ek gewens _____.



Ons skryf

Bheki het gewens hy kan fiets ry. Hy het gewens hy kan vinniger as enigiemand anders hardloop. Maar hy wou nog meer hê. Wat dink jy wou hy regtig hê? Skryf 'n paragraaf waarin jy sê wat jy dink Bheki regtig meer as enigiets anders wou hê.

Ons skryf

Skryf drie sinne met hierdie woorde.

hardloop	
belangrik	
verhuis	

Onderwyser:
Teken:
Datum:

3

Watter dier dink ek is ek?

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjies en gesels daaroor.





Ons lees

Ons is almal verskillend.
Ons lyk nie dieselfde nie.
Party van ons is lank en party van ons is kort.
Ons dink nie dieselfde nie,
ons praat nie dieselfde nie, en ons het almal verskillende talente.

As jy jouself met 'n dier moes vergelyk, soos watter dier sou jy wees?
Is jy saggeaard, soos 'n duif, of word jy vinnig kwaad, soos 'n bul?

Kyk na hierdie beskrywings van diere. Is jy soos enige van hulle?



Ek is stadig en doen dinge versigtig. Ek dink na oor dinge voordat ek dit doen. Ek word nie kwaad nie, en ek is baie geduldig.



Ek leer en beskerm die kleintjies.
Ek is 'n leier en ek is vir niks bang nie.
Ek sal baklei vir wat belangrik is.



Ek is saggeaard en gee om vir ander.
Ek hou nie daarvan om te baklei en te stry nie.
Ek wil vrede hê. Ek wil hê dat mense van mekaar moet hou.

Ek is nie bang nie. Ek sal baklei vir wat belangrik is.
Ek sal nie moed opgee nie.
Soms is ander mense vir my bang en bly hulle uit my pad uit.





Ons skryf

Lees die vrae en skryf dan die antwoorde neer.

NUWE WOORDE

Is jy soos een van hierdie diere? Indien jy so dink, skryf die dier se naam neer.
As jy dink dat jy eerder soos 'n ander dier is, skryf sy naam neer.

Skryf twee dinge neer wat jou spesiaal maak as jy soos die skilpad is.

Watter dier is die meeste soos iemand wat ander mense lei? Skryf die dier se naam neer.
Skryf twee dinge neer wat iemand 'n leier maak.

Watter dier dink jy sou 'n goeie verpleegster wees? Sê waarom jy so dink.

Dink jy 'n mens kan soos meer as een dier wees? Sê waarom jy so dink.



Vir die pret

Lees die stukkies oor die verskillende diere weer. Onderstreep die belangrike dinge oor die skilpad en die arend. Teken nou 'n prent van 'n voël of 'n dier met wie jy dink jy ooreenstem.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

4

Ons gaan van plek tot plek

DATUM

Ons skryf

Kyk na hierdie prent wat wys waar Bheki woon, en vul dan die ontbrekende woorde in.



Bheki woon in 'n huis met 'n _____ dak en versierde mure.

Wanneer Bheki in die straat afstap, is die _____ links.

Die onderwyser woon in 'n _____ huis.

Wanneer Bheki die skool verlaat, draai hy links. Dan draai hy _____ om na die poskantoor te gaan.

Wanneer Bheki na die speelgrond wil gaan, stap hy by sy hek uit en draai _____.

Na kerk draai Bheki _____ en dan _____ om huis toe te gaan.

Wanneer die dominee seëls wil koop, moet hy _____ draai wanneer hy by sy hek uitgaan.

Ons lees

Kyk waar Bheki staan en voltooi hierdie sinne. Gebruik die rigtings op die kompas, soos noord, suid, oos en wes.

Langs die kaart van die strate is 'n kompas. Die kompas wys 'n ander soort rigting. In plaas daarvan om woorde soos links en regs te gebruik, kan jy woorde soos noord en suid gebruik om rigting aan te dui.

NUWE WOORDE

Bheki kyk _____.

As hy speelgrond toe wil gaan, moet hy _____ loop.

Wanneer Bheki uit die kerk kom, lê sy huis _____.

Ons skryf

Woorde wat dieselfde beteken word **sinonieme** genoem. Woorde met die teenoorgestelde betekenis word **antonieme** genoem.

Vul in die woorde wat **dieselfde** betekenis as die vet gedrukte woorde het.

slim

enorm

stil

blitsig

ongelukkig

treurig

Bheki was **hartseer** om Johannesburg te verlaat. Hy was _____ in Limpopo.

Sy broer kon baie **vinnig** hardloop. Bheki kon hom nooit klop nie, want hy was baie _____.

Hy wens hy was **skrander**. Hy voel hy is nie so _____ soos die ander kinders nie.

Vul nou die woord met die **teenoorgestelde** betekenis in.

Thohoyandou is 'n **klein** dorpie maar Johannesburg is _____.

Bheki was baie **gelukkig** in Johannesburg maar in Thohoyandou is hy baie _____.

Groot stede is gewoonlik baie **lawaaierig** maar klein dorpies is _____.

Ons skryf

Maak of jy Bheki is. Gebruik hierdie plan om 'n paragraaf te skryf waarin jy verduidelik waarom jy ongelukkig in Limpopo is. Skryf die paragraaf in jou notaboek. Gebruik hierdie woorde om die idees in jou paragraaf te verbind.

uiteindelik

daarna

later

toe

eers



5

Ek en my gesin

DATUM

Ons praat

Kyk na hierdie prent en gesels daaroor.



Hoeveel broers en susters het jy?

Dink aan twee van jou maats. Hoeveel broers en susters het hulle?

Indien jou gesin klein is, sou jy graag 'n groter gesin wou hê? Sê waarom.
of
Indien jou gesin groot is, sou jy graag 'n kleiner gesin wou hê? Sê waarom.

Ons lees

Naniwe vertrek na 'n nuwe plek en wil graag 'n ware avontuur beleef!

My naam is Naniwe Rekgethile. Verlede Saterdag was daar niemand om my op te pas nie, toe moes ek saam met my ma na haar werkplek toe gaan.

My maat Thabo het vroeg daardie oggend by my kom speel. Ek het vir hom gesê dat ek met die trein Parktown toe sou gaan. Hy het gedink ek jok vir hom. Maar toe vra ek my ma **in sy teenwoordigheid**, en sy sê toe ja, ons gaan soontoe. Thabo dink hy weet alles net omdat hy in Graad 1 is en ek eers volgende jaar skool toe gaan. En omdat hy al die sokkerspanne in Soweto ken. Thabo sê dat wanneer hy groot is, hy **oorsee** sokker wil gaan speel. Ek weet nie of so iets moontlik is nie. Oorsee is baie ver. Ek het my ma gevra of Parktown oorsee is. Sy sê toe nee, dit is nie. Ek het gewens dit was. Dan sou ek almal kon vertel dat ek voor Thabo oorsee is.

My ma en ek het stasie toe gegaan. Die **reis** het nie baie lank geduur nie. Die stasie was so groot soos die hele wêreld. Ek het vreemde dinge gesien. Ek het 'n groot gebou met honderde vensters gesien. Ek het witmense met lang hare gesien. My ma het my gesê dat hulle witmense genoem word.

(Aangepas uit 'n kortverhaal deur Chris van Wyk)

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.



Oor wie handel die storie?

Wie is haar beste maat?

Wat is sy gunstelingsport?

Is hy jonger of ouer as sy?

Hoe weet jy dat sy nog nooit tevore buite Soweto was nie?

Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links. Skryf hulle dan in alfabetiese volgorde in jou woordeboek.

oorsee	uitstappie
vertrek	voor hom
avontuur	gaan
in sy teenwoordigheid	opwindende aktiwiteit
reis	'n plek anderkant die see

Onderwyser:
Teken:
Datum:

6

Kom ons vertrek



DATUM



In die vorige werkkaart het jy geoefen hoe om aanwysings te kry in die straat waarin Bheki woon. Nou gaan jy na 'n kaart van sommige van die plekke in Suid-Afrika kyk.

Ons skryf



Kyk of jy iemand aanwysings kan gee deur woorde soos noord, suid, oos en wes te gebruik.

Indien jy in Mthatha woon, in watter rigting moet jy reis om by Durban uit te kom? _____

Watter dorpe lê oos van Bloemfontein? _____ en _____

Van watter dorp moet jy wes reis om al die ander dorpe op die kaart te bereik? _____

In watter rigting moet jy van Windhoek af reis om by Soweto uit te kom? _____

Werk uit in watter rigting jy sal moet reis om van Colesberg by die volgende stede uit te kom:

Kaapstad _____ Mthatha _____ Windhoek _____



Ons skryf

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe. Ons het die eerste een vir jou gedoen.
Vul die aantal lettergrepe of klanke in die laaste kolom in.

Durban het twee lettergrepe of klanke. Sê die woord hardop en tik dit op jou skoolbank.

Durban	Dur/ban	2
Kaapstad		
Soweto		
Swaziland		
Limpopo		



Ons skryf

Omkring die adjektiewe in hierdie sinne. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

'n Beskrywende adjektief vertel jou meer omtrent 'n selfstandige naamwoord. Die adjektiewe in hierdie sinne is almal beskrywende adjektiewe.

Ek is 'n baie (lang) meisie met (kort) hare.	Thabo wil graag 'n beroemde sokkerspeler word.
My ma bind helderblou linte in my hare.	Ek woon in 'n klein huisie in Soweto.
Parktown het groot huise en mooi tuine.	Ek het 'n nuwe rooi baadjie.



Ons skryf

Skryf twee paragrawe waarin jy beskrywende adjektiewe gebruik.
Maak seker dat die adjektiewe jou meer vertel omtrent die selfstandige naamwoorde wat jy gebruik.
Beskryf jouself in die eerste paragraaf.
Beskryf jou gesin in die tweede paragraaf.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

7

DATUM

Wat maak ons maats spesiaal?

Ons praat

Kyk na hierdie prent en gesels daaroor.



Dink jy hierdie kinders is maats?

Het jy 'n goeie maat?

Wat maak hom of haar 'n goeie maat?

Ons lees

Ek het twee beste maats – 'n seun en 'n meisie. Ek kan met hulle praat, en hulle kan geheime bewaar. Hulle luister wanneer ek nodig het om oor iets te praat.





Ek het nie 'n beste maat nie. Ek het 'n hele paar maats. Mense kan maats word as hulle dieselfde belangstellings het.

My beste maat se naam is Hassan. Hy verstaan my probleme en help my daarmee.





Ons skryf



NUWE WOORDE

Skryf drie eienskappe neer wat iemand 'n beste maat maak.

1
2
3



Ons skryf

Skryf of hierdie sinne waar of onwaar is. Indien jy dink dat 'n sin waar is, skryf (W); indien jy dink dat dit onwaar is, skryf (O).

	W of O
Beste maats bewaar geheime.	
Indien jy 'n beste maat het, kan jy nie ander maats hê nie.	
Almal het beste maats.	
Indien julle nie dieselfde belangstellings het nie, kan julle nie maats wees nie.	
Indien jy 'n meisie is, moet jou beste maat ook 'n meisie wees.	



Ons skryf







Skryf hierdie sinne in 'n negatiewe vorm oor. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Maats bewaar altyd geheime.

Maats bewaar nie altyd geheime nie.

My maats hou van alles waarvan ek hou.

Seuns is beter as meisies.

Ek het baie maats.

Al my maats is dieselfde ouderdom.





8

Kom ons help 'n maat

DATUM

Kyk na hierdie prentjies en skryf in die spraakborrels wat jy dink die kinders vir mekaar sê.

Ons skryf



Annie is baie gelukkig. Sy en haar maats het twee naweke skoonmaakwerk by die rivier gedoen.



Annie hoor iets. Sy gaan staan. Dan hoor sy dit weer.



Annie begin hardloop.



Katlego is in die rivier. Sy kan nie uitkom nie.



Annie sien vir Katlego. Sy help haar uit die rivier uit.



Katlego is veilig.



Ons skryf

Gebruik die regte leestekens in hierdie sinne. Skryf dan of die sinne uitroepe of opdragte is.

1. Thandi, gooi vir my die bal

Uitroep Opdrag	_____

2. Ek is mal oor bofbal

Uitroep Opdrag	_____

3. Moenie op jou eie naby die rivier gaan nie

Uitroep Opdrag	_____

4. Lise, jy moet al jou groente eet

Uitroep Opdrag	_____

NUWE WOORDE



Vir die pret

Kom ons wees slim en ontsyfer die kode.

Gee elke letter van die alfabet 'n getal. Begin by A = 1. Dus:

A = 1	B = 2	C = 3	D = 4	E = 5	F = 6	G = 7	H = 8
I = 9	J = 10	K = 11	L = 12	M = 13	N = 14	O = 15	P = 16
Q = 17	R = 18	S = 19	T = 20	U = 21	V = 22	W = 23	X = 24
			Y = 25	Z = 26			

Werk nou die volgende uit:

13 25 _____

2 5 19 20 5 _____

22 18 9 5 14 4 _____

8 15 21 _____

7 5 8 5 9 13 5 _____



9

My baie slim penmaat

DATUM



Ons praat Wat beteken dit om gestrem te wees?

Ken jy lemand wat gestrem is?

Watter dinge kan die persoon nie doen nie?

Hoe voel jy en jou maats oor gestremdes?

Ons lees

'n Wonderseun

deur Sitha Naidoo



Toe my penmaat Siva Kalyan gebore is, was sy ruggraat **misvorm**. Later het hy gesukkel om te loop. Siva hou daarvan om strokiesprente te lees, stories te skryf en spotprente te teken. Hy bestudeer ook wiskunde en fisika aan 'n universiteit in die Verenigde State van Amerika – en hy is maar 12 jaar oud.

Siva het al baie dokters besoek, en hy loop nou beter met behulp van 'n loopraam. Hy dra ook 'n **stut** om sy ruggraat reguit te maak.

Maar nie een van hierdie dinge het "net gebeur" nie. Sy ouers, grootouers en maats het hom almal gehelp. Siva se geleerde, hardwerkende familie het bepaalde **beginsels** toegepas toe hulle hom grootgemaak het. Hulle glo dat, indien 'n kind 'n goeie begrip van Engels en Wiskunde het, hy of sy enige ander vak onder die knie sal kan kry.

Sy ma sê: "Dit is ook belangrik om 'n kind se sterk punte te ontdek, en om die kind nie te **dwing** om dinge te doen wat hy of sy moontlik nie wil doen nie. Ons het Siva gehelp om op Wiskunde te **fokus**. Terselfdertyd het ons seker gemaak dat hy maats het om mee te speel en ook 'n bietjie aan **ontspanningsaktiwiteite** deelneem. Hy mag net 30 minute TV per dag kyk."

Siva hou van swem. Hy het leer swem om sy spiere te versterk, en teen die ouderdom van agt kon hy 'n kilometer rugslag en vryslag swem.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.



Wat is die titel van die nuusberig?

Wie het die berig geskryf?

Wat is 'n penmaat?

Wat studeer Siva aan die universiteit?

Noem drie dinge wat Siva se ouers dink belangrik is om kinders te help om goed te vaar op skool.

1.

2.

3.



Ons pas

Kies die woorde in die pienk kolom wat amper dieselfde betekenis as die woorde in die blou kolom het. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

misvorm	met die verkeerde vorm
stut	konsentreer
beginsels	dinge wat vir jou belangrik is
fokus	dinge wat prettig is
ontspanningsaktiwiteite	iets wat ondersteun
dwing	forseer

Onderwyser:

Teken:

Datum:

10 My maat se karaktertrekke

DATUM



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die toekomstige tyd oor.



Siva neem swemlesse.

Môre

Ek skryf 'n e-pos aan Siva.

Môre

Siva doen oefeninge om sy rug sterker te maak.

Môre



Ons skryf

Maak 'n lys van adjektiewe wat beskryf hoe jy dink 'n maat moet wees. Skryf die lys in twee kolomme.



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne.
Gebruik **is** of **was**.

Siva se ruggraat _____ misvorm.

Hy _____ baie slim en studeer wiskunde en fisika aan die universiteit.

Siva en ek _____ van die begin af penmaats. Ons stuur vir mekaar e-posse.

Siva se ouers _____ vol moed oor sy toekoms.

Siva _____ op skool altyd die slimste in sy klas.



Ons skryf

Siva se ouers het vir hom gesê dat dit belangrik is om goed te vaar in Engels en Wiskunde. As 'n mens wil presteer in 'n taal, moet jy baie lees. Skryf nou oor 'n boek wat jy gelees en geniet het. Vul die inligting op die omslag van die boek in.



Skryf omtrent 5 sinne om te sê waaroor die boek handel.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

11 Kom ons help mekaar

DATUM

Ons lees

Lees hierdie storie en skryf dan 'n sin oor elke prentjie.

Pietie die padda hop langs die rivier.
Hy sing sy gunstelingliedjie en kyk na 'n vlieër wat hoog in die lug vlieg.

1





Meteens hoor Pietie iemand om hulp roep.





Pietie kom by die rivier. Hy sien hoe 'n babamuisie, Miekie, aan die punt van 'n riet hang. Die riet hang oor die rivier.



Pietie spring in die water in en skop met sy sterk agterpote.





Miekie die babamuisie klim op Pietie se rug. Pietie swem na die oewer.





Onderwyser:

Teken:

Datum:

12

Verskillende soorte maats

DATUM



Beantwoord nou hierdie vrae.

Ons skryf Wat het Pietie by die rivier gemaak?

Waar was Miekie die muis?

Hoe het Pietie vir Miekie gered?

Dit is baie buitengewoon vir 'n padda om 'n muis te red. Watter les dink jy kan ons uit hierdie storie leer?

Gee die storie 'n opskrif.

Ons skryf Het jy al ooit iemand wat in die moeilikheid was, gehelp? Skryf 'n paragraaf oor wat jy gedoen het.





Ons skryf

Gebruik 5 van hierdie woorde om jou eie sinne te maak. Skryf jou sinne in die tabel hieronder.

skop rivier padda muisie water

NUWE WOORDE

1.
2.
3.
4.
5.



Ons skryf

Skryf 5 woorde wat jy dink Pietie die padda sal beskryf.

1.
2.
3.
4.
5.

Skryf nou sinne met 2 van die woorde.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

13

Ons groei en verander

DATUM



Ons praat

Lees wat hierdie jongmense sê en gesels oor die dinge wat vir hulle belangrik is.











Ons lees

Die meeste van ons voel nie heeltyd gelukkig oor onsself nie. Maar wanneer ons groter word, verander ons, en dan doen ons dinge partykeer anders. Lees hierdie stukkie uit Thandeka se dagboek, en kyk hoe sy besluit het om haar lewe te verander.

Liewe Dagboek

15 Februarie

Ek is baie skaam. Dit is vir my moeilik om maats te maak. Wanneer ek in tydskrifte van beroemde mense lees, wens ek dat ek soos hulle kon wees. Ek wens dat mense my gevra het om vir hulle te kom kuier. Niemand nooi my ooit uit nie. Ek is so ongelukkig.

18 Februarie

Vandag was ek regtig kwaad. Petra het na my toe gekom en vir my gesê dat ek moet ophou kla en iets oor my eie lewe moet doen. Sy weet hoe skaam ek is! Hoe dink sy kan ek na kerkfunksies toe gaan of by 'n klub aansluit? Sy het selfs vir my gesê om gemeenskapswerk te gaan doen!

Ek is so ontsteld!

22 Februarie

Ek het nagedink oor wat Petra gesê het. Toe het ek gister, op pad huis toe, by die weeshuis gaan kuier. Daar is soveel kinders wat nie ma's of pa's het nie. Ek het gedink dat ek party van hulle dalk sou kon help. Ek het die matrone gevra of ek kan help, en sy het gesê "ja". Ek was baie bly. Ek was vandag weer daar, en dit lyk sowaar of die kinders van my hou! Ek het maats gemaak met Kath, wat ouer as ek is, wat ook daar werk!

25 Februarie

Vandag, terwyl ek van die skool af huis toe geloop het, het ek besef dat maats enige ouderdom kan wees: die kinders by die weeshuis is my maats, en Kath is my maat. Ek het ook besef dat ek niks groots gedoen het nie – dit was 'n klein dingetjie, maar ek is nie meer eensaam nie. Ek weet dat ek altyd 'n skaam persoon sal wees, maar dat dit nie saak maak nie. En dit is wat belangrik is. Ek is gelukkig met wie ek is.

D A G B O E K



NUWE WOORDE



Ons skryf

Lees Thandeka se dagboekinskrywings. Beantwoord nou hierdie vrae.

Waarom het Thandeka ongelukkig gevoel?

Watter raad het Petra haar gegee?

Hoe het sy daardie dag oor Petra gevoel?

Later het sy Petra se raad gevolg. Wat het sy gedoen?

Sy het 'n paar dinge in haar lewe verander, maar sy het besef dat sy nie alles kon verander nie. Wat kon sy nie verander nie?



Ons skryf

Hier is 'n paar dinge wat mense in maats wil sien. Hoe belangrik is hulle vir jou? Gee aan elkeen 'n nommer van 1 tot 10. Begin met 1 vir die belangrikste eienskap, en eindig met 10 vir die onbelangrikste een.

	mooi		goed aangetrek
	sterk		slim
	mollig		prettig
	sorgsaam		sportief
	ryk		skraal



14 Die mense om my

DATUM

Ons skryf

Maak 'n spinnekopkaart met die name van al die mense in jou lewe.
Skryf jou naam in die middelste sirkel.
Vul nou in die ander sirkels die name van al daardie mense in.

Ons skryf

Kyk na hierdie tekeninge en wat hulle beteken.

Hierdie persoon maak jou gelukkig.	Hierdie persoon maak jou kwaad.	Jy is lief vir hierdie persoon.	Jy hou nie van hierdie persoon nie.	Hierdie persoon verneder jou.	Jy voel niks vir hierdie persoon nie.

Gaan terug na jou sirkels. Teken 'n simbool in elke sirkel om te wys hoe jy oor daardie persoon voel. Jy kan soveel simbole as wat jy wil in die sirkels teken.



Ons skryf

Skryf 5 sinne om te sê hoe jy voel oor almal wie se name jy in jou sirkels geskryf het. Gebruik **want** om 'n rede te gee vir hoe jy voel.



Voorbeeld: Ek is lief vir my ma **want** sy sorg vir my.

1

2

3

4

5

Vir die pret

Doen hierdie woordsomme.

kaas + koek =	kaaskoek
dag + lig =	
hand + sak =	
lekker + goed =	
nota + boek =	

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

15 Ek sorg vir myself



Ons praat

Kyk na die twee prentjies en gesels daaroor.







Ons lees



As ons vir onsself sorg, voel ons goed oor onsself. Dit is belangrik dat ons gesonde kos moet eet. Ons moet proteïene eet soos vis, hoender of neute; groente soos wortels en brokkoli, vrugte soos appels, piesangs en lemoene; en koolhidrate soos aartappels, rys en volgraanbrood.

Ja, en ons moet ook skoon bly. Ons moet seker maak dat ons skoon is – ons liggame, hare, naels en tande.





Natuurlik. Dit is ook belangrik dat ons nie ons liggame moet misbruik nie. Ons behoort geen dwelms te gebruik nie, omdat ons nie gesond kan bly as ons dinge inneem wat nie goed daarvoor is nie.

Ek stem saam! Nog iets wat ons moet doen, is om elke dag te oefen.





En dan moet ons ook seker maak dat ons klere skoon is, en dat ons netjies lyk.







NUWE WOORDE

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae deur jou antwoorde te merk. Besluit dan hoe goed jy vir jouself sorg.

Ek borsel my tande		
A	elke oggend en elke aand	
B	een maal per dag	
C	wanneer ek onthou	

Ek was my hare		
A	twee maal per week	
B	wanneer my kop begin jeuk	
C	soms	

Ek stort of bad		
A	elke dag	
B	elke derde dag	
C	soms	

Ek trek skoon klere aan		
A	elke dag	
B	elke tweede dag	
C	een maal per week	

Ek oefen		
A	elke dag	
B	soms	
C	nooit	

Ek eet gesonde kos		
A	elke dag	
B	soms	
C	nooit	

Ek probeer ontspan		
A	so dikwels moontlik	
B	soms	
C	nooit	

Ek probeer om netjies te lyk		
A	elke dag	
B	net op spesiale dae	
C	nie dikwels nie	



Ons skryf

Is jou antwoorde meestal A's? Wel gedaan! Jy versorg jouself mooi.
Is jou antwoorde meestal B's? Jy probeer hard, maar soms vergeet jy om jouself te versorg.
Is jou antwoorde meestal C's? Jy moet regtig probeer om jouself beter te versorg.

Skryf nou 'n paragraaf oor hoe jy jouself versorg, of hoe jy jouself beter sal versorg.



16

Beplan om jou eie boek te skryf

DATUM



Ons skryf Beplan om jou eie storie te skryf.

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy wil skryf. Vul jou idees op hierdie bladsy in.

My storiebeplanner

Die karakters en die plek	Wie is in jou storie? Waar gebeur die storie? Wanneer gebeur die storie?
Die begin	Wat gebeur aan die begin van die storie?
Die middel	Wat gebeur in die middel van die storie?
Die einde	Hoe eindig die storie?

Skryf jou storie nou op 'n stuk papier. Vra jou maat om jou te help om die foute reg te maak. Knip nou die volgende bladsy uit. Vou die bladsy op die lyne. Vul die voorblad in en skryf jou storie dan in die boek.

VOOROMSLAG

Teken hier 'n prent.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam hier in (jy is die outeur).

1

STAP 1: Vou op die stippellyn

STAP 2: Vou op die stippellyn

STAP 3: Kram dit aan hierdie kant vas

AGTEROMSLAG



OOR DIE OUTEUR

Jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

STAP 4: Knip op die stippellyn nadat jy jou boek vasgekram het

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prent.

5

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4.

Teken hier 'n prent.

Teken hier ’n prent.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier ’n prent.

Voltooi jou storie.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier ’n prent.

9

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier ’n prent.

Die lewe in die natuur



17 Die wilde kind

DATUM

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.



- Hoe verskil hierdie seun van die ander seuns wat jy ken?
- Waarna kyk hy?
- Verstaan hy wat hy sien?

Ons lees

Eendag lank, lank gelede in Frankryk het drie jagters deur 'n woud gery. Tot hul groot verbasing **gewaar** hulle 'n naakte seun. Toe die seun hulle sien, hardloop hy weg so vinnig as wat hy kan. Hy probeer om in 'n groot boom in te klim om te **ontsnap**. Maar die jagters **jaag** hom en **gryp** hom. Hulle neem hom na 'n dorpie daar naby. 'n Tyd lank versorg die priester hom, maar toe word hy na die groot stad Parys geneem, waar skares mense na die wilde seun kom kyk.

Hy was **ongeveer** 12 jaar oud, maar hy was in baie opsigte nie soos ander mense nie. Hy kon nie praat nie. Hy het aan alles wat hy teengekom het, geruik. Hy het bessies, aartappels en okkerneute geëet, en hy het graag water gedrink, maar hy het nie van ander kos gehou nie. Dit het gelyk asof hy nie hitte of koue voel nie. Hy het nie op harde geluide gereageer nie, maar het vinnig omgedraai wanneer iemand agter hom 'n neut **gekraak** het.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Wie het die jagters gesien?

Waarheen het hulle hom geneem nadat hulle hom gevang het?

Wanneer is hy Parys toe geneem – voordat die priester hom versorg het, of daarna?

Waarom was die seun naak?

Waarom het mense na hom kom kyk?

Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

jaag	agternasit
gewaar	sien
gryp	vasvat
ontsnap	wegkom
ongeveer	naastenby
gekraak	oopgebreek

Onderwyser:

Teken:

Datum:

18 Meer oor die wilde seun

DATUM



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne met **was** of **het**.

Die wilde kind _____ in die woud gewoon en _____ bang vir mense.

Die kos wat hy geëet _____, _____ baie gesond.

Daar _____ klanke waarop hy nie gereageer _____ nie.

Die seun _____ baie rats en kon baie vinnig hardloop.

Waar _____ die jagters toe hulle die jong seun gesien _____?



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne. Gebruik die woorde hieronder.

naby dapper jong groot harde

Die jagters het 'n _____ seun gevang.

Die seun het probeer ontsnap deur in 'n _____ boom te klim.

Dink jy dat hulle _____ mans was?

Die jagters het hom na 'n dorpie _____ aan die woud geneem.

Die seun het nie op _____ geluide gereageer nie.

Ons skryf

Dikwels is dit beter om dinge aan ander mense te sê deur "ek"-boodskappe in plaas van "jy"-boodskappe te gebruik. So maak jy seker dat jy hulle nie krenk nie. Verander hierdie "jy"-boodskappe in "ek"-boodskappe.

NUWE WOORDE

Voorbeeld

Waarom kan jy nie sien die seun wil buite wees nie?

Ek sien die seun wil buite wees.

Jy het geen respek nie. Waarom kan jy nie jou klere optel nie?

Ek wil jou graag vra

Jy het nie jou skooltas uitgepak en jou kosblikkie uitgehaal nie.

Ek wil asseblief hê

Waarom het jy die seun gevang? Dit was nie nodig om dit te doen nie.

Ek dink

Kan jy nie sien hy eet net neute en bessies nie?

Ek dink



Vir die pret

Verbeel jou dat jy die wilde seun is. Wys wat jy bedags in die woud doen. Onthou jy kan nie praat nie. Jy sal handelinge en lyftaal moet gebruik om te wys wat jy doen, dink en voel.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

19

Die bul en die veldmuis

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.



- Watter soort storie dink jy vertel die vrou aan die kinders?
- Lyk dit asof die kinders die storie geniet? Waarom sê jy so?
- Dink jy die kinders woon in 'n plattelandse gebied of in die stad? Sê waarom.
- Ken jy enige ou stories? Vertel jou storie aan die klas.

Ons lees

Eendag het 'n bul byna op 'n klein muisie getrap. "Haai, jou **lompe** bul," roep die muisie. "Jy het my byna doodgemaak! Jy moet in die toekoms versigtiger wees."

"Waarom sou ek omgee?" **bulk** die bul. "Ek is groot en sterk."

Die muis is baie kwaad. Sy besluit dat sy die bul 'n les moet leer.

Een oggend is die bul besig om gras te eet. Die muisie **kruip** saggies deur die gras en byt die bul op sy neus. Dit is baie seer!

Die bul jaag die muis, maar sy is te vinnig en rats. Sy hardloop by haar huisie in 'n baksteenmuur in.

Die bul is baie kwaad. "Ek sal vir die muis 'n les leer," dink hy by homself. Hy **storm** vorentoe en stamp sy kop teen die baksteenmuur, maar die muis is veilig in haar stewige huisie. Nou is die bul se kop ook seer. Die muis kyk deur die klein deurtjie van haar huisie na die bul en glimlag. "Sien jy," sê sy vir die bul, "dis nie goed genoeg om net sterk te wees nie. Jy moet ook slim wees!"



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Waarom was die muisie kwaad vir die bul?

Wat het die muisie gedoen om die bul 'n les te leer?

Hoe het hy gereageer?

Watter les het die muisie gedink moes die bul leer?

Dink jy die bul was 'n boelie? Sê waarom?

Gee die storie 'n titel.

Ons pas

Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas.

lomp	hardloop
bulk	versigtig beweeg
kruip	brul
storm	onbeholpe

Onderwyser:

Teken:

Datum:

20

Meer oor boelie die bul

DATUM



Ons skryf

Vul die beste woord in.

neus muis les

groot slim lomp

My naam is Bul. Ek is groot en baie _____. Eendag het ek byna op 'n _____ getrap. Ek het gedink dit maak nie saak nie, omdat ek so _____ is. Ek het egter my _____ geleer. Daardie lawwe muisie het deur die gras gekruip en my op my _____ gebyt.

Ek was baie kwaad, en het haar huis probeer omstamp.

Maar ek kon nie. Ek het iets geleer. Dit is nie genoeg om sterk te wees nie, ek moet ook _____ wees.



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne met **'n** of **die**.

Eendag het _____ bul byna op _____ muis getrap. _____ muis was baie kwaad.

Sy het op _____ bul geskree. Maar hy het hom nie aan haar gesteur nie. Daarom het _____ muis _____ bul se neus gebyt. _____ bul se neus was baie seer! Hy het gebulk en gebrul en _____ muis se huisie probeer omstamp. Maar _____ huisie was baie sterk. "Sien jy," het _____ muisie gesê, " _____ bul of _____ muis moenie net sterk wees nie, jy moet ook slim wees!"

Ons skryf

Vul die leë spraakborrels in. Gebruik die storie van die bul en die muis om jou te help.



Vir die pret

Soek die 10 verskille tussen hierdie twee prentjies. Omkring hulle. Vertel jou maat dan hoe die eerste prentjie van die tweede prentjie verskil.



DATUM

21 Stinkie die stinkbesie

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



- Het jy al ooit 'n skilpadbesie gesien en daaraan geraak?
- Het jy al ooit 'n stinkbesie gesien en daaraan geraak?
- Is daar enige verskil tussen hulle? Wat is die verskil?
- Wat doen die stinkbesie om te verhoed dat mense hom seermaak?

Ons lees

Die stinkblerts tot die redding

Die mamma weet dat daar gevaar is. Sy sien 'n perdeby net bo haar **sweef**. Gou trek sy haar 24 babas onder haar puntige lyf in. Die perdeby kom nader. Die mamma swaai haar **antennes** wild rond. Maar die perdeby steur hom nie daaraan nie en vlieg nader. Die mamma draai haar rug op hom, want dit is sterk en beskerm haar soos 'n skild. Sy gons met haar vlerke. Maar die perdeby kom land naby haar. Die mamma skop haar middel- en agterpote uit om hom te probeer afskrik.

Dit werk. Maar die **vasberade** perdeby vlieg nie weg nie en bly net buite bereik van die mamma. Dan loer een van die kleintjies onder haar lyf uit en die perdeby kom vinnig nader. Die mamma is gereed en gebruik haar geheime wapen – die stinkblerts. Die perdeby ruik dit en blaas die aftog.

Stinkbesies is 6 mm tot 12 mm lank en het verskillende kleure. Die meeste van hulle is bruin, grys en groen. Alle stinkbesies het driehoekige vorms op hul rûe. Sinkbesies stel 'n **aaklige** reuk vry, en die meeste insekte en diere laat hulle met rus sodra hulle dit ruik. Die stinkbesie gebruik die stinkblerts egter net as niks anders werk nie, want dit maak hom baie moeg.

Stinkbesies word ook "ouerbesies" genoem, omdat hulle hul kleintjies versorg selfs wanneer hulle reeds oud genoeg is om hulleself te versorg. Wanneer die kleintjies van die mamma wegbeweeg, laat hulle 'n **spoor** agter wat sy kan ruik. En wanneer hulle in die moeilikheid beland, stel hulle 'n sterk reuk vry wat sy kan ruik. Dan volg sy die reuk om hulle te gaan red.





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.
Skryf die antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

1. Waarom het die outeur hierdie artikel geskryf?

A	om te verduidelik hoe perdebye jag	
B	om inligting oor stinkblertse te verskaf	
C	om te sê hoe die kleintjies hulleself beskerm	
D	om inligting oor stinkbesies te verskaf	

2. Waarom gee stinkbesies slegs wanneer die nood groot is, 'n slegte reuk af? Omdat

A	die kleintjies sou kon doodgaan	
B	hul vyande hulle sou kan kry	
C	dit hulle uitput	
D	plante sou kan doodgaan	

Beantwoord hierdie vrae in die spasies wat gegee word.
Waarom word stinkbesies "ouerbesies" genoem?

4. In die eerste twee paragrawe vertel die outeur 'n storie. Wat doen sy in die laaste twee paragrawe?

5. Waarom dink jy begin die outeur haar artikel met 'n storie?



Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het vir jou een gedoen.

sweef	vasbeslote
antennes	vreeslike
vasberade	voelers
spoor	paadjie
aaklige	in die lug hang

Onderwyser:
Teken:
Datum:

22

Stinkbesies is interessante diertjies

DATUM



Ons skryf

Gebruik een van hierdie woorde om elke sin te voltooi.

geraas | driehoekige | besige | bose | nare

Toe die masjien in die fabriek gebreek het, het dit 'n _____ reuk afgegee.

Toe die kinders gegil en geskree het, het hul mamma in die kamer ingekom en gevra:

"Wat is al hierdie _____?"

Net 'n superheld kan die skurk se _____ plan om die wêreld oor te neem, dwarsboom.

Martie is in Graad 6 en help die jonger kinders om die _____ straat oor te steek.

Die toegeeteken het 'n _____ vorm.

'n Selfstandige naamwoord is 'n noemwoord.



Ons skryf

Vul die adjektiewe in wat vir ons meer oor die selfstandige naamwoorde vertel.

aaklige | harde | jong | gevaarlike | verskillende

Die perdeby is 'n _____ insek.

Die stinkbesie beskerm haar _____ kleintjies.

Haar liggaam word deur 'n baie _____ skild bedek.

Die stinkbesie kan baie _____ kleure wees.

Die besie gee 'n _____ reuk af wanneer haar vyande haar aanval.

Ons skryf

Vul die geheuekaart in.
Gebruik party van die woorde hieronder of jou eie woorde.

kleurvol | reuk | vorm

beskerm | skild | grootte | nare

ouerbesie | gelukkig | red | beskerm

NUWE WOORDE



Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart en die artikel hierbo om 'n paragraaf oor die stinkbesie te skryf.
Onthou om soveel beskrywende woorde as moontlik te gebruik.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

23

Verkleurmannetjies het baie talente

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en sê waaroor jy dink die storie handel.





Ons lees

Watter dier het voete soos 'n papegaai, kan in meer as een rigting op 'n slag kyk, en het 'n lang tong wat baie, baie blitsig kan beweeg? Dis nie 'n voël nie. Dis nie 'n padda nie. Dis 'n verkleurmannetjie.

Elke voet het 5 tone. Daar is twee tone aan die buitekant en drie aan die binnekant. Die tone is aan mekaar vas om die verkleurmannetjie se **greep** aan takke te versterk. Die tone het ook skerp kloutjies, om die verkleurmannetjie te help om vinnig te klim. Maar sy voete is nie al **interessante** ding omtrent hom nie.

'n Verkleurmannetjie se boonste en onderste ooglede is verbind, sodat daar net 'n klein gaatjie is wat groot genoeg is om deur te kyk. Anders as mense, kan verkleurmannetjies op een slag na twee verskillende dinge kyk deur hul oë in verskillende rigtings te beweeg. Dit stel hulle in staat om in 'n sirkel om hulleself te sien. Hulle kan baie goed sien, en hulle kan klein goggatjies van ver af sien. Dit help hulle baie wanneer hulle kos soek.

Die verkleurmannetjie se tong is **besonder** lank – partykeer selfs langer as sy liggaam. Hy kan sy tong so vinnig uitskiet dat hy sy **prooi** binne minder as 'n sekonde kan vang. Hy het nie ore nie, maar kan "voel" wanneer iets beweeg.

Een van die verkleurmannetjie se interessantste **talente** is dat hy die kleur van sy vel kan verander. Verskillende verkleurmannetjies kan in verskillende kleure van die **reënboog** verander, sodat dit moeilik word om hulle raak te sien. Hulle kan hulle kleur ook verander om hul liggame te verwarm of af te koel, om te keer dat ander diere in hul gebied inkom, en om 'n maat te lok.

Die meeste verkleurmannetjies kom in Afrika voor, maar party woon ook in Asië, Indië en Noord-Amerika. 'n Ander naam vir 'n verkleurmannetjie is 'n trapsoetjies.





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

Waarom verander 'n verkleurmannetjie sy kleur?

Wat is buitengewoon omtrent 'n verkleurmannetjie se oë?

Wat help die verkleurmannetjie om baie vinnig te klim?

Waarvoor gebruik hy sy tong?

Merk die regte antwoorde.

Verkleurmannetjies kom hier voor:

A	Noord-Amerika	
B	Suid-Amerika	
C	Asië	
D	Afrika	

'n Verkleurmannetjie kan sy prooi vang binne:

A	'n sekonde	
B	meer as 'n sekonde	
C	minder as 'n sekonde	
D	een en 'n halwe sekondes	

Onderwyser:

Teken:

Datum:

24 'n Baadjie van vele kleure

DATUM



Ons skryf

Skryf langs elke stelling 'n **F** of 'n **O** om te sê of dit feit of opinie is.





☐ 'n Verkleurmannetjie kan die kleur van sy vel verander.

☐ Die verkleurmannetjie kan die takke vasgryp omdat sy tone verbind is.

☐ Verkleurmannetjies is vreesaanjaende wesens.

☐ Die verkleurmannetjie lyk soos 'n klein krokodil.

☐ Verkleurmannetjies is interessante diertjies.



Ons skryf

Vul die ontbrekende letters in om party van die woorde in die stukkie oor verkleurmannetjies te vorm. Skryf die volledige woorde dan op die lyne uit. Probeer om elke woord reg te spel.

houvas ☐ r ☐ ☐ p

☐

fassinerende i ☐ t ☐ r e ☐ ☐ a ☐ t ☐

☐

buitengewoon b e ☐ o ☐ d e ☐

☐

slagoffer p ☐ o ☐ i

☐

gawes t a ☐ e ☐ t ☐

☐

pragtige boog in die lug na die reën r ☐ ë ☐ b o ☐ g

☐



Ons skryf

Voltooi hierdie geheuekaart.

NUWE WOORDE

Vier redes waarom verkleurmannetjies van kleur verander.



Ons skryf

In die artikel het jy baie oor verkleurmannetjies geleer. Skryf 'n paragraaf oor hulle. Sê waarom jy dink dat hulle buitengewoon is, en sê wat jy dink hul beste talent is.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

25 Die vlieëvanger



Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Het jy al 'n vlieëvanger gesien?

Hoe verskil hierdie plant van ander plante?

Ons praat

Ons lees

Die vlieëvanger

Daar's 'n snaakse plant in my tuin
Dis waar, al klink dit **bisar**,
Wat **gewoonlik** groei waar dit natter is
Soos Amerika en Zanzibar.

Ek sal dit hier **regkry**, sê die plant
Met 'n **ophaal** van sy skouer,
Om binne 'n dag of wat 'n vlieg te vang
Of dalk selfs nog gouer.

Ek sal my saagbek toeklap
En heerlik daaraan **kou**,
En wanneer dit heeltemal op is,
Sal ek wag om die volgende een toe te vou.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.



Waar groei die vlieëvanger gewoonlik?

Waar groei die vlieëvanger waarvan daar in die gedig vertel word?

Wat eet die plant?

Hoe dink jy lyk 'n saagbek? Beskryf dit.

Klap die eerste versie van die gedig. Hoeveel maatslae het elke reël?



Ons pas

Kies die woorde regs wat by die woorde links pas.

bisar	in die algemeen
gewoonlik	oplig
regkry	knaag
ophaal	daarin slaag
kou	baie vreemd

Onderwyser:
Teken:
Datum:

26

Nog meer oor die vlieëvanger

DATUM



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne. Gebruik hierdie woorde.

kan sou moet behoort mag

Dit _____ gevaarlik wees om in die woestyn te gaan stap indien jy nie goed voorbereid is nie. Jy _____ nie voorwerpe in die huis te laat rondlê nie. Dit _____ gevaarlik kan wees. _____ jy jou asem langer as 'n minuut ophou? Die vlieëvanger het 4 vlieë geëet. Hy _____ baie vol wees. Gee asseblief my plante water terwyl ek weg is. As hulle nie water kry nie, _____ hulle doodgaan. _____ jy altyd die eerste ding sê wat in jou kop opkom? Jy _____ te dink voordat jy praat.



Ons skryf

Die woorde hieronder is deurmekaargeskommel. Skryf hulle in die kolomme onder die woorde wat dieselfde klink.

dak noord seer sok soort lok mak

eer rak beer nok moord keer voort

vak bok deer koord hok bak

meer	sak	oord	rok



Ons skryf

Plaas hierdie instruksies oor hoe om 'n vlieëvanger te versorg in die regte volgorde.

Sproei die blare dikwels met skoon water om hulle vogtig te hou. ☐

Laastens, jou vlieëvanger groei nie in die winter nie. Hy hiberneer. Moet dus nie bekommerd wees indien hy nie groter word nie. ☐

Gee hom net minder lig en water as in die somer. ☐

Plaas jou vlieëvanger nou op 'n plek waar hy minstens 8 uur per dag lig kry. ☐

Maak eers seker dat die grond klam is maar nie nat nie. ☐

Voed jou plant een maal per week met kunsmis, en geen hom minstens een maal per maand 'n gogga om te eet. ☐



Ons skryf

Stel jou voor dat jy 'n vlieëvanger gekoop het. Skryf vir 'n maat 'n brief waarin jy hom of haar van jou nuwe plant vertel. Beskryf hoe die plant lyk, waar jy hom hou, hoe dikwels jy hom water gee en wat jy hom voer.



Vul jou adres in

_____

_____

_____

_____

_____

Datum

Liewe _____

Begin met 'n aanhef.

_____

_____

Sê hoe jou plant lyk.

_____

_____

_____

Sê waar jy hom hou en wat jy hom voer.

_____

_____

_____

_____

Jou maat

_____

_____

Skryf jou naam.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

27

En nog meer oor die vlieëvanger

DATUM



Ons praat

Jy word gevra om 'n praatjie in jou klas oor die vlieëvanger te gee. Vind soveel oor hierdie wonderbaarlike plant uit as wat jy kan, en vertel die klas daarvan. Maak aantekeninge vir jou praatjie in die ruimte regs.



Ons lees

Die vlieëvanger

deur A. Plant

Die moordenaar wag geduldig. Die mier loop in die rooi bek in. Die mier het 'n lelike **vergissing** begaan. Die bek sluit. Die mier worstel. Die bek maak stewig toe en die mier kan nie ontsnap nie. Is dit 'n dier? Nee. Dit is 'n plant wat diere eet. Dit is die vlieëvanger.

Die vlieëvanger **lok** sy **prooi**, **vang** dit, maak dit dood en verteer dit. Die plant doen alles wat 'n vleisetende dier doen.

Wil jy een van hierdie plante hê? Dan moet jy hom mooi versorg.

Plaas hom waar daar baie lig is. Sit hom in 'n bak met water. Jy hoef hom nie van bo af water te gee nie. Moet ook nie kunsmis in die grond sit nie. Hierdie plant kry alles wat hy nodig het van die insekte wat hy eet.

Moet jou plant nooit vleis of hoender gee nie, want dit is baie sleg vir hom. Hy wil krieke, miere, vlieë en ander goggas hê.

Jou plant behoort sy eie kos te kan vang, maar indien nie, kan jy hom 'n lewende mier gee. Hy sal baie bly wees.

Vlieëvangers kan baie pret wees! Wil jy 'n **buitengewone** troeteldier hê? Dan is dit die ding vir jou!



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

Waarom word die vlieëvanger 'n vleisetende plant genoem?

Nog 'n woord vir 'n vleiseter is:

A herbivoor

B karnivoor

C vegetariër

Waarom moet hulle insekte eet?

Hoe vang die plant insekte?

Skryf 3 reëls waarin jy sê hoe 'n mens 'n vlieëvanger moet versorg.



Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

vergissing	aantrek
lok	fout
prooi	gryp vas
vang	uitsonderlike
buitengewone	slagoffer

Onderwyser:

Teken:

Datum:

28

Lewendig opgeëet

DATUM



Ons skryf

Vul **-e** of **-s** in om hierdie enkelvoude meervoude te maak. Onthou om die medeklinker waar nodig te verdubbel.

vlieëvanger ☐

olifant ☐

spinnekopp ☐

mandjie ☐

saagbek ☐

superheld ☐

verkleurmannetjie ☐



Ons skryf

Vul **sal** of **het** in om hierdie sinne te voltooi.

Die vlieëvanger ☐ baie hou van 'n mier.

Daar ☐ in die verlede baie meer van hulle in die natuur voorgekom.

Hy ☐ gou met 'n gogga afreken!

Waar ☐ jy hierdie plant gekoop?

Wanneer ☐ die plant hiberneer?

Ons skryf

Verbeel jou dat jy 'n insek is wat aan 'n vlieëvanger ontsnap het. Skryf in jou dagboek wat gebeur het.



NUWE WOORDE

Vir die pret

Soek die vier insekte wat wegkruip.
Soek dwars en af.

a	z	b	y	v	x	d	w	e	v	f
u	l	u	t	l	s	h	t	i	r	l
j	i	g	k	i	p	m	l	n	j	y
o	s	t	i	n	k	b	e	s	i	e
b	a	n	t	d	l	m	o	t	o	p
v	r	f	l	e	a	s	b	c	i	o
q	d	a	b	r	i	c	k	t	b	y

Onderwyser:
Teken:
Datum:

29 Penne en dinge

DATUM



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.



Het jy al ooit 'n ystervark gesien?
As jy het, vertel jou maat daarvan.



Ons lees

Ystervarke se lywe is met dik, harde, skerp penne bedek. Party is kort en ander is lank. Hulle gebruik die penne om hulleself te beskerm. Wanneer 'n mens in die berge van die Kaap rondstap, sien jy dikwels ystervarkpenne op die grond rondlê. Ystervarke is taamlike groot diere. Hulle weeg tussen 10 en 30 kg en is ongeveer 90 cm lank. Die wyfie is ongeveer 3 maande lank **dragtig** en skenk geboorte aan tot vier kleintjies. Hulle kan tot 20 jaar lank leef. Ystervarke is die grootste knaagdiere in suidelike Afrika. Hulle eet knolle, bolle, wortels, bas, groente, klein **soogdiere** en ander knaagdiere. Soms dra hulle diere se bene na die plekke waar hulle bedags rus. Daar knaag hulle aan die bene om hul tande skerp te hou.

Bedags slaap hulle in gate tussen klippe of in dik pantegroei. Hulle verlaat hierdie plekke net na sonsondergang en keer net voor sonsopkoms terug. Alhoewel hulle soms 'n **skuiling** met ander ystervarke deel, soek hulle gewoonlik op hul eie kos.

'n Ystervark kan nie sy penne gooi nie, maar wanneer hy dink daar is gevaar, lig hy die penne op sy rug en stert op en skud hulle. Dit maak 'n geluid wat ander diere verjaag. Indien die geluid egter nie die jagter **afskrik** nie, beweeg die ystervark agteruit of sywaarts in die rigting van die **aanvaller** om sy penne in hom in te druk. Later groei nuwe penne vinnig terug.

Die ystervarke van Afrika is dapper vegters wat nie maklik bes gee nie. In die Krugerwildtuin het 'n ystervark byna 'n luiperd doodgemaak! As jy dus ooit 'n ystervark in die bos teenkom, moenie te naby aan hom gaan nie.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

Waarvoor gebruik ystervarke hul penne?

Wat eet ystervarke?

Wanneer 'n ystervark bedreig word

A	skiet hy sy penne na sy aanvaller	
B	skud hy sy penne	
C	krul hy hom in 'n bal op	
D	stamp hy sy stert op die grond	

Ystervarke beweeg agteruit of sywaarts omdat

A	hulle bang is vir mense	
B	dit hul aanvallers afskrik	
C	hulle hul penne in hul aanvaller wil indruk	
D	hulle eers dans voordat hulle aanval	

Waarom het die outeur hierdie artikel geskryf?

A	Om te verduidelik hoe ystervarke eet, leef en speel	
B	Om te sê hoe ystervarke hulleself versorg	
C	Om ons te waarsku om nie met ystervarke te speel nie	
D	Om 'n storie oor ystervarke te vertel	

Watter sin oor ystervarke is **nie** waar **nie**?

A	Wanneer 'n ystervark se penne regop staan, kom hulle los.	
B	Wanneer 'n ystervark sy stert skud, maak sy penne 'n geluid.	
C	Nuwe penne groei taamlik vinnig weer.	
D	Ystervarkpenne is lank en skerp.	

Onderwyser:

Teken:

Datum:

30

Meer oor ystervarke

DATUM



Ons skryf

Ontsyfer hierdie woorde. Maak seker dat jy elke woord reg spel.

verwagtend	rdgtiag	
diere wat hul kleintjies melk gee	ediogrose	
wegkruipplek	gulnisik	
'n vyand	leanlavra	
wegjaag	kraskif	

Wanneer 'n mens sê presies wat iemand anders gesê het, noem ons dit direkte rede. Ons skryf wat die persoon gesê het tussen aanhalingstekens ("..."). Indirekte rede kry nie aanhalingstekens nie. In indirekte rede verander die tyd gewoonlik. Die rede daarvoor is dat wanneer ons vertel wat iemand anders gesê het, ons gewoonlik oor 'n tyd in die verlede praat. Daarom moet die werkwoorde gewoonlik ook in die verlede tyd wees.



Ons skryf

Verander hierdie sinne in die direkte rede.

Sy sê haar naam is Tumi.

Sy sê: "My

Sy sê vir my dat sy 'n ystervark by die dieretuin gesien het.

Sy sê: "Ek

Sy sê hy het onder 'n klip geslaap.

Sy sê: "Hy



Ons skryf

Maak of jy 'n ystervark het vir wie jy 'n ander huis moet soek.
Skryf 'n advertensie vir 'n kindertydskrif.
Gebruik party van hierdie woorde in jou advertensie.

NUWE WOORDE

bel

penne | stekelrig | gewig: 30 kg | prys

lengte: 90 cm | vrugte, groente, knolle | buitengewone | seldsame

iets anders | beskikbaarheid | twee vir die prys van een | bestel nou

Ystervark soek nuwe huis

Soek jy 'n buitengewone troeteldier?

Dit is jou kans!

Ons skryf

Plaas hierdie woorde in alfabetiese volgorde.
Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 3.
Skryf die woorde in jou woordeboek.

	mat
	meet
	mus

	kop
	keep
	kind

	niks
	neef
	nat



Onderwyser:
Teken:
Datum:

31

Kom ons maak ystervarke

DATUM



Ons praat Kyk na die prent en gesels daaroor.

Help jy by die huis om kos te maak? _____

Wat is jou gunstelingresep? _____

Is dit maklik of moeilik om te maak? Sê vir die klas hoe om dit te maak.

Vir die pret Kom ons maak 'n ystervarktoebroodjie. Moenie bekommerd wees nie, dit word nie regtig van ystervarke gemaak nie! Wanneer jy dit klaar gemaak het, teken dit in die oop spasie.

Wat jy nodig het

3 snye brood
margarien
grondboontjiebotter
6 rosyne
20 dun wortelstokkies

Wat jy moet doen

1. Vorm die snye brood in 'n ronde balfatsoen.
2. Rol die bal brood in margarien.
3. Rol dit nou in grondboontjiebotter.
4. Gebruik twee van die rosyne vir die oë, 1 vir die neus en 3 vir die bek.
5. Druk die dun wortelstokkies in die broodbal in.
6. Jy het 'n ystervarktoebroodjie gemaak!

Eet en geniet!

My ystervarktoebroodjie





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Hoeveel brood het jy gebruik om 'n ystervarktoebroodjie te maak?

Waarmee het jy die brood bedek?

Wat het jy gebruik om die neus, die oë en die bek te maak?

Wat het jy gebruik om die penne te maak?

Watter vorm is jou ystervark?

Het jy die ystervarktoebroodjie geniet? Sê waarom.



Ons skryf

Kyk na die resep. Vul dan die regte woord in elk van die sinne in. Skryf die woorde in jou woordeboek.

druk rol vorm sny

_____ die brood.

_____ die brood in 'n bal.

_____ die brood in grondboontjiebotter.

_____ die wortelstokkies in.

NUWE WOORDE

Onderwyser:

Teken:

Datum:

32

Maak iets lekkers

DATUM



Skryf 'n resep vir iets wat jy kan maak.

Resep vir

Ons skryf

Wat ek nodig het

Wat ek moet doen



Vertel vir jou maat hoe om ystervarktoebroodjies te maak.
Skryf dan wat jy moet doen.
Skryf jou sinne in die regte volgorde.

Ons skryf

Eers	
Dan	
Volgende	
Daarna	
Laastens	

AGTEROMSLAG



OOR DIE OUTEUR

Jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

VOOROMSLAG

Teken hier 'n prent.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam hier in (jy is die outeur).

1

STAP 2: Vou op die stippellyn

STAP 3: Kram dit aan hierdie kant vas

STAP 4: Knip op die stippellyn nadat jy jou boek vasgekram het

STAP 1: Vou op die stippellyn

Teken hier 'n prent.

Skryf die middel van jou storie hier.

4

Teken hier 'n prent.

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4.

5

Teken hier 'n prent.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prent.

Voltooi jou storie.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prent.

9

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier 'n prent.


3

DATUM

33 Is dit feit of fiksie?

Ons praat

Kyk na die boekomslae en gesels daaroor.
Beantwoord die eerste drie vrae oor die eerste boekomslag.
Beantwoord die laaste drie vrae dan oor die tweede boekomslag.





Vul die antwoorde op hierdie vrae in.

Wat is die titel van die storieboek?

Wie is die outeur?

Waaroor dink jy handel die boek?

Wat is die titel van die storieboek?

Wie is die outeur?

Waaroor dink jy handel die boek?



Ons verstaan

NUWE WOORDE

Watter soorte boeke lees jy graag? Storieboeke, of feitelike boeke? Sê waarom.



Ons pas

Kies die betekenisse regs wat by die woord links pas. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

inligting	prent
fiksie	'n lys onderwerpe
outeur	feite of details oor iets
illustrasie	skrywer
indeks	'n storie oor denkbeeldige mense en gebeure



Vir die pret

Ontwerp jou eie boekomslag. Skryf dan 3 reëls om te sê waaroor die boek handel.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

34 Meer oor boeke

DATUM





Ons skryf

Voltooi hierdie sinne in die verlede tyd met **was** of **het**.

Nomsa en die Groot Krokodil _____ een van die mooiste boeke wat ek nog ooit gelees het.

Daardie boeke _____ hoofsaaklik oor wetenskaplike eksperimente gehandel.

Ons ouma _____ elke aand vir ons uit 'n storieboek voorgelees.

Toe ek baie klein was, _____ dit my gunstelingboek. Dit _____ 'n geel omslag met oranje blomme gehad.

Waar _____ jy die boeke neergesit wat jy van die biblioteek af gebring het?



Ons skryf

Waaraan laat elke kleur jou dink? Kyk na die reënboog en skryf in elke kleurband 'n sin.





Ons skryf

Watter storieboek lees jy op die oomblik? Geniet jy dit?
Vul die inligting oor die boek op hierdie kaart in.

NUWE WOORDE

Titel

Outeur

Watter prent is daar op die boekomslag?

Wat is die titel van die eerste hoofstuk?

Wat staan op die agteromslag?

Skryf 5 reëls oor die boek.

Dink jy ander kinders sou die boek geniet? Sê waarom.



Vir die pret

Hoeveel woorde kan jy met die letters van die woord "wonderlik" maak? Skryf jou woorde hieronder.

Onderwyser:
Teken:
Datum:

35

Kom ons kyk na gedigte

DATUM



Ons praat

Luister na die gedig wat jou onderwyser vir jou lees, en doen dan die aktiwiteite wat daarop volg.



Daar was 'n jong man Van Ryn,
Wat gesteek is op sy arm deur 'n perdeby.
"Was dit dan seer?"
"Nog nooit nie weer!
Hy kan dit gerus kom doen op my dy!"

- Lees die gedig hardop vir jou maat.
- Oefen die ritme van die gedig deur jou hande te klap.
- Hoeveel reëls het hierdie gedig?
- Hoeveel maatslae is daar in elke reël? Klap jou hande vir elke maatslag.



Ons lees

Daar was 'n jong man van Bak
Wat die bus gehaal het in sy pak.
Hy kan hom skaars roer
Hy mag nie spoeg op die vloer.
Toe spring hy en spoeg teen die dak.

Daar was 'n jong meisie wat vra,
"Hoe sal ek my koei dan dra?
Wanneer ek probeer
Om haar aan te keer,
Hou sy nooit nie op met kla."





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Waarvandaan het die jong man in die tweede gediggie gekom?

Hoe was hy aangetrek?

Wat het hy gedoen wat baie laf was?

Wat het die jong meisie probeer doen?

Dink jy hierdie gediggies is feit of fiksie? Sê waarom.

Hierdie gediggies word limerieke genoem.

Kyk na die limeriek wat begin met "Daar was 'n jong man van Bak". Watter reëls rym met mekaar?

'n Limeriek is 'n gedig wat veronderstel is om snaaks te wees. Dit het altyd 5 reëls. In elke limeriek rym die eerste 2 reëls en die laaste reël, en het hulle dieselfde aantal maatslae – drie. Drie sulke reëls word 'n triplet genoem. Die derde en vierde reëls van 'n limeriek rym ook, en hulle het ook dieselfde getal maatslae – twee. Twee sulke reëls word 'n koeplet genoem. Die rympatroon vir 'n limeriek is dus a a b b a.



Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die woorde links.

lettergreep	drie reëls van 'n gedig wat ewe lank is en rym
rym	twee reëls van 'n gedig wat ewe lank is en rym
limeriek	wanneer woorde op dieselfde klanke eindig
koeplet	een van die eenhede waarin 'n woord opgedeel kan word
triplet	'n humoristiese gedig van 5 reëls

Onderwyser:
Teken:
Datum:

36

Meer oor limerieke

DATUM

Ons lees

Lees hierdie paragraaf.

Eendag was daar 'n jong meisie wat 'n koei gehad het. Sy was baie lief vir haar koei. Sy wou haar koei oral met haar saamneem. Maar die koei het baie stadig geloop, en die meisie was dikwels haastig. Sy het besluit om 'n groot sak vir die koei te maak, en elke keer wanneer sy iewers heen wou gaan, het sy die koei in die sak probeer instop.



Hoe verskil die paragraaf van die gedig oor die meisie hierbo?

Wat is besonders omtrent die laaste woord in elke reël van die gedig?

Wat bevat meer woorde – die gedig of die paragraaf?

Lees die gedig weer. Het die woorde 'n maatslag? Lees die paragraaf weer. Wat is die verskil?

Ons skryf

Verander die enkelvoude wat onderstreep is in meervoude (meer as een).

Ek het 'n **gedig** oor 'n **roos** geskryf.

Ek het 'n **toebroodjie** vir aandete gemaak.

Die **boks** behoort aan die **onderwyser**.

Kom ons pak ons klere in die **tas** in.

Hierdie **koppie** is myne.



Ons skryf

Voltooi hierdie limeriek. Jy mag enige woorde gebruik, solank die rympatroon a a b b a is. Jy mag ook die begin van die reëls verander as jy wil.

Daar was eenmaal 'n meisie genaamd Meg ,

Wat per ongeluk gebreek het haar .

Sy gly op die ,

Nie eenmaal maar .

Voel nie jammer vir haar, ek .

NUWE WOORDE





Ons skryf

Skryf jou eie limeriek.
Dink aan humoristiese name, plekke of situasies. Gebruik die rympatroon a a b b a om jou limeriek te skryf.



Vir die pret

Maak 'n tekening om jou limeriek te illustreer.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

37 Kom ons bring 'n toneelstuk op die planke

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



- Het jy al ooit na 'n toneelstuk in die teater gaan kyk?
- Indien wel, watter toneelstuk was dit?
- Vertel vir die klas van die toneelstuk wat jy in die teater gesien het.
- Hoe verskil 'n toneelstuk van 'n rolprent?
- Watter een verkies jy?



Ons lees

Eenmaal lank gelede in Afrika was daar 'n haas. Die haas het in 'n mooi grot gewoon. Eendag toe die haas weg was, het 'n ruspe in die haas se grot ingekruip.

[HAAS sit op 'n stoel. Dit is sy grot. Hy staan op en praat.]
HAAS: Ek dink dit is 'n lekker dag vir 'n wandeling. Ek dink ek gaan my grot verlaat en vir 'n vriend kuier.
[HAAS verlaat die verhoog.]
[RUSPE kom binne. Dit sou goed wees indien RUSPE kan kruip.]
RUSPE: Dit lyk vir my na 'n baie lekker grot. (Sit op die stoel.) Dit is baie aangeneem. Dalk sal ek hier bly. O aarde! Hierdie grot het 'n eggo. Dit laat my klein stemmetjie baie groot klink!
[HAAS kom binne en kyk rond.]
HAAS: Wat gaan hier aan? Dit lyk asof iemand in my grot ingekom het. (Roep uit.) Wie is in my grot?
RUSPE: (in 'n groot, harde stem): Dit is ek! Ek is die grootste en sterkste van almal!
HAAS: O aarde! Hoe gaan ek my grot terugkry?
[JAKKALS kom binne.]
HAAS: Ag jakkals, help my tog asseblief.
JAKKALS: Hoe wil jy hê moet ek jou help?
HAAS: Daar is 'n groot, sterk dier in my grot. Kan jy probeer om hom uit te kry?
JAKKALS: Ja, ek kan probeer. (Roep uit.) Wie is in die grot van my vriend die haas?
RUSPE: (in 'n groot, harde stem): Dit is ek! Ek is die grootste en sterkste van almal!
JAKKALS: O aarde, haas, ek dink nie ek kan jou help nie. Dit klink asof jy 'n enorme dier in jou grot het. Hy is waarskynlik groter as ek. Ek moet nou gaan – tot siens!
[JAKKALS verlaat die verhoog.]



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

NUWE WOORDE

Hoeveel diere is daar in hierdie deel van die toneelstuk?

Waar speel die toneelstuk hom af?

Die toneelaanwysings verskyn tussen hakies. Waarom dink jy is toneelaanwysings nodig?

Waarom klink die ruspe baie groot en sterk?

Gee die toneelstuk 'n titel.

Is die toneelstuk feit of fiksie? Sê waarom.



Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

grot	'n groot, diep holte teen 'n berghang
eggo	iemand wat toneelstukke skryf
ruspe	notas wat vir akteurs sê wat om te doen
dramaturg	'n kort stukkie uit 'n boek of toneelstuk
toneelaanwysings	wurm
uittreksel	'n weerkaatsing van klank

Onderwyser:
Teken:
Datum:

38

Die einde van 'n toneelstuk

DATUM



Ons skryf

Gebruik **'n** of **die** in hierdie sinne.

Ons wil graag _____ toneelstuk by ons skool opvoer.

_____ naam van die toneelstuk is *Die Geheime Tuin*.

Dit is vir ons _____ geleentheid om geld vir ons skool se nuwe swembad in te samel.

Ons moet _____ goeie aktrise vir die vroulike hoofrol kies; ons het reeds vir Vuyo vir _____ manlike hoofrol gekies.

Ons doen

Kyk na die omslae van die boeke. Is hulle feit of fiksie?.

In watter boek sal jy antwoorde op hierdie vrae vind? Trek 'n streep van elke vraag na die korrekte boek.







Wat beteken die woord "maksimum"?

Op watter bladsy is die resep vir sjokoladepoeding?

Wat is die hoofstad van Ghana?



Ons skryf

Lees die volgende paragraaf oor wat aan die einde van die toneelstuk met die haas en die ruspe gebeur het, en maak dan 'n toneelstuk oor die einde op.

Die haas het die jakkals, die luiperd, die renoster en die olifant gevra om hom te help om van die vreesaanjaende wese in sy grot ontslae te raak, maar wanneer hulle sy groot stem hoor, het hulle almal die aftog geblaas. Uiteindelik het 'n padda by die grot aangekom. Hy het ingestem om die haas te probeer help om die nare, groot gedierte te verjaag. Hy het so hard as wat hy kon geskree: "Wie is in my vriend se grot? Ek is die grootste, sterkste dier in die hele wêreld. Kom nou dadelik uit die grot uit!" "Moet my asseblief nie seermaak nie," smeek die ruspe, en kruip uit die grot uit.

"Wat!" sê die haas. "Was dit heeltyd *jy* in my grot?"



Vir die pret

Voer jul toneelstuk voor die klas op. Maak seker dat daar iemand is om die rol van elke dier te speel.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

39

Kom ons praat oor tydskrifte

DATUM

Ons praat

Praat oor die voorblad van hierdie tydskrif.



- Waaroor dink jy handel hierdie tydskrif?
- Wie dink jy sou die tydskrif wil lees?
- Dink jy die tydskrif wil hê kinders moet die artikels net lees, of moet hulle ook dinge doen? Sê waarom jy so dink.

Ons lees

Atsjoe! Ons nies almal soms. Dit is iets wat sommer **outomaties** gebeur. Dit beteken dat ons onsself nie kan laat nies of kan laat ophou nies wanneer ons eers eenmaal begin nie.



Wanneer jy nies, probeer jou liggaam van iets in jou neus, soos stof of **bakterieë**, ontslae raak. Wanneer jy verkoue het, het jy **ekstra** kieme, daarom nies jy dikwels baie meer.

Wat laat jou nies? Binne-in jou neus is daar honderde fyn haartjies. Hierdie haartjies suiwer die lug wat jy inasem. Soms kry stof en **stuifmeel** dit reg om by die haartjies verby te kom, en dan nies jy. Die senuwees in die voering van jou neus sê vir jou brein dat iets jou liggaam **binneval**.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

1. Watter dele van jou liggaam werk saam wanneer jy nies?

2. Waarom is dit belangrik om 'n snesie te gebruik wanneer jy nies?

3. Wat sê mense gewoonlik wanneer iemand nies? Maak 'n regmerkie langs die regte antwoord.

A	Gesondheid!	
B	Baie seën!	
C	Geniet jou dag!	
D	Ek wens jy wil ophou!	



4. Waarom nies party mense wanneer hulle 'n bos blomme ruik?

5. Gee die artikel 'n opskrif.

6. Is hierdie artikel feit, fiksie of opinie? Sê waarom jy so dink.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

40 Gesondheid!

DATUM



Ons skryf

Sê of elke sin hieronder feit of opinie is. Skryf **F** of **O** langs elke stelling.

_____ Wanneer jy nies, probeer jou liggaam van bakterieë ontslae raak.

_____ Nies is 'n refleks.

_____ Dit is belangrik om 'n snesie te gebruik wanneer jy nies.

_____ Wanneer stuifmeel van blomme in jou neus opkom, nies jy om dit uit te kry.

_____ "Gesondheid!" is 'n vreemde ding om te sê wanneer iemand nies.



Ons skryf

Vul die ontbrekende letters in om woorde uit die artikel te skep.
Skryf dan die volledige woorde uit.
Maak seker dat jy elke woord reg spel.

sonder om daaroor te dink — o ___ t o ___ a ___ i ___ s

_____

bykomende — e ___ s ___ r a

_____

fyn poeier van blomme — s ___ u ___ f m ___ e ___

_____

binnekom om aan te val — b ___ n ___ e v ___ l

_____

kieme — b ___ k t ___ r i ___ ___

_____



Ons skryf

Vul hierdie geheuekaart in.





NUWE WOORDE

Drie redes waarom mense nies









Ons skryf

In die artikel het jy baie feite oor nies geleer.
Gebruik jou geheuekaart om 'n paragraaf te skryf oor waarom mense nies.



Onderwyser:

Teken:

Datum:

41

'n Ryk broer en 'n arm broer

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Toe daar genoeg sout vir al die vis was, het die man die meule aangesê om te stop. "Stop nou!" het hy gesê, maar die meule hou aan maal. "Stop, sê ek!" Maar die meule hou nie op nie. "Dis nou genoeg!" roep hy.

"STOP ASSEBLIEF! STOP!"



Maar die meule hou aan met maal. Die man skree alles waaraan hy kan dink, buiten die towerwoord "Halt, meuletjie, halt." Gou is die boot vol sout. Die boot se planke begin bars en uitmekaarbreek. Toe, met 'n harde kraakgeluid, bars die boot oop en spoel die see in. Die boot, die vis, die man en die meule sink alles.





Thomas het nooit weer die meule of sy broer gesien nie. Hy het in sy broer se deftige huis gaan woon en die res van sy dae in gemak geslyt.

En wat die meule betref, diep onder in die see, dit het voortgegaan om sout te maal. Gou het die see sout begin smaak. En tot vandag toe nog maal die meule, en dit is waarom die see so sout is.

- Wat is die man besig om te doen?
- Wat gebeur met die boot?
- Wat het van al die sout geword?
- Dink jy wat hier gebeur het is feit of fiksie?

Ons lees

Lank, lank gelede was daar twee broers, die een ryk en die ander arm. Die ryk broer, Charl, was gemeen en **inhalig**. Dit was winter, en byna Kersfees. Die arm broer, Thomas, en sy vrou was baie honger. Die wind het om die hoeke van hul kliphuisie **geloei**, en die sneeu het hulle byna begrawe. In die middel van een koue nag het Thomas sy broer om hulp gaan vra.

Dit het die ryk broer **ontstig** wanneer sy arm broer hom om hulp gevra het. Toe Thomas sy broer om brood vra, het Charl hom 'n kalkoen gegee en hom aangesê om die dwergies te vra om dit vir hom gaar te maak.

Thomas het begin stap met die kalkoen onder sy arm, om die huis van die dwergies te gaan soek. Hy het deur die sneeu **voortgestrompel** totdat hy sewe **eienaardige** mannetjies voor hom gewaar het. Hulle was besig om 'n groot sneeubal aan die voet van 'n heuwel te rol.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf die antwoorde uit of merk die regte antwoorde.



Hierdie storie handel oor:

A	drie broers	
B	'n gawe, ryk broer en 'n gemene, arm broer	
C	'n gemene, ryk broer en 'n gawe, arm broer	
D	sewe dwergies	

Die storie speel hom af in die:

A	somer	
B	lente	
C	herfs	
D	winter	

Hoe weet jy dit? Skryf 3 dinge neer.

Wanneer speel die storie hom af? Onderstreep al die woorde wat waar is.

vandag	gister	lank gelede	in Desember
in Maart	Kersfees	oor Nuwejaar	bedags
in die nag	in die oggend	in die koue	tydens Pase
môre	in die lente	in die herfs	in die somer

Is die storie feit of fiksie? Sê waarom.

Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

inhalig	aangesukkel
geloei	omgekrap
ontstig	vreemde
voortgestrompel	gehuil soos 'n wolf
eienaardige	suinig

Onderwyser:
Teken:
Datum:

42

Meer oor die twee broers

DATUM



Ons skryf Skryf hierdie sinne in die verlede tyd oor.

Daar is twee broers, 'n ryk, gemene een en 'n arm, gawe een.

Die wind loei om die hoeke van die huisie en die sneeu lê diep.

Die arm broer gaan vra sy ryk broer om hulp.

Dit ontstig die ryk broer wanneer sy arm broer hom om hulp vra.

Die arm broer sukkel deur die sneeu aan.

Hy gaan die huis van die sewe dwergies soek.



Ons skryf Omkring die regte woord.

Die ryk broer is gemeen. Wil **hy/sy** **sy/haar** broer help?

Die arm broer se huisie is koud. Moet **sy/hy** 'n vuur maak?

Sy vrou het kos nodig. **Sy/hy** is baie honger.

Hoe oud is die broer? **Sy/hy** is nog jonk.

Thomas is arm. **Hy/sy** is die jongste broer.



NUWE WOORDE

Ons skryf

Veronderstel dat die arm broer, Thomas, 'n briefie aan sy broer wil skryf waarin hy hom om hulp vra. Help hom om sy briefie te beplan. Gebruik woorde uit die storie om jou te help om die briefie te beplan.



Ons skryf

Skryf nou die briefie wat die arm broer aan sy ryk broer sal skryf. Gebruik jou plan om jou te help.

My broer, ek is jammer dat ek jou om hulp moet vra, maar

Onderwyser:

Teken:

Datum:

43

Meer oor Thomas en sy broer

DATUM





Ons praat

Jy word gevra om die klas te vertel van twee mense wat jy ken: iemand wat goedhartig en saggeaard is, en iemand wat naar en gemeen is.
Maak in die ruimte hieronder aantekeninge vir jou praatjie.

Aantekeninge vir my praatjie



Ons lees

Kom ons lees verder oor Thomas en sy broer.

Dwergies (hulle sing en steur hulle nie aan Thomas nie):

Agter die deur
kan jy die meule gaan haal
Maar sneeu sal die meule
Nooit nie maal.

Hoofdwerg: Ons het genoeg sneeu hier
om 'n dosyn brande te blus.
Kom, broers, kom ons rol die sneeubal
na onder!

(In 'n oogwink het die sewe dwergies die sneeubal deur 'n opening in die hang van die heuwel gerol.)



Arm broer:	As ek nie dadelik na benede gaan nie, sal daar geen vuur oor wees om my kalkoen gaar te maak nie.
Hoofdwerg:	(Terwyl hy iets in die kookwater inroer): Ho, ho! Wie is jy?
Ander dwerge:	Gee vir ons jou kalkoen! Ons wil jou kalkoen hê!
Arm broer:	Wat sal julle my gee vir my kalkoen?
Dwerge:	Ons het nie goud of silwer nie, maar ons sal jou die meule gee wat agter die deur staan.
Arm broer:	Wat sou ek met die meule kan doen? Ek is honger en het die kalkoen kom gaarmaak.
Hoofdwerg:	(Gaan haal die meule agter 'n groot deur uit): Dit is 'n wonderlike meule. Dit sal enigiets in die wêreld maal waarvoor jy wens. Ek sal jou wys hoe om dit te gebruik.
Arm broer:	Goed dan. Maar ek hoop my vrou gaan nie baie kwaad vir my wees nie.
Hoofdwerg:	Die meule sal enigiets maal wat jy wil hê. Maar wanneer jy wil hê hy moet ophou, moet jy sê "Halt, meuletjie, halt", en die meule sal jou gehoorsaam.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae of merk die regte antwoorde met 'n regmerkie.



Hierdie gedeelte is 'n:

A	gedig	
B	koerantberig	
C	toneelstuk	

Onderstreep die toneelaanwysings (die instruksies wat vir die akteurs sê wat om te doen). Dink jy die toneelaanwysings maak deel van die toneelstuk uit? Sê waarom.

Is die dwerge goedhartige of gemene mense? Sê waarom jy so dink.

Indien jy honger was, sou jy 'n goeie maaltyd vir 'n meule verruil? Sê waarom.

Is hierdie gedeelte feit of fiksie? Sê waarom jy so dink.

Onderwyser:

Teken:

Datum:

44 Die toneelstuk word voortgesit

DATUM



Ons skryf

Verander hierdie sinne van die verlede tyd na die teenwoordige tyd.

Die arm man het by die dwerge se blyplek aangekom.

Die dwerge het hom gevra om sy kalkoen vir hulle te gee.

Die arm broer het hulle gevra wat hulle hom in ruil sou gee.

Die dwerge het hom 'n meule aangebied.

Die arm man het gevra wat hy met die meule sou kan doen.



Ons skryf

Omkring die enkelvoudige woorde (een ding). Skryf die sinne dan oor om die woorde meervoudig (meer as een ding) te maak.

Dit is 'n heerlike maaltyd.

Ek het 'n goedhartige dwerg teengekom.

Die dwerg het aan Thomas die meule gegee.

Thomas het 'n kalkoen by hom gehad.



Ons skryf

Maak of jy Thomas is. Skryf in jou dagboek 'n stukkie oor die dag toe jy die dwerge teengekom het.



Gister het 'n baie vreemde ding met my gebeur.



Ons skryf

Stel jou voor wat Thomas vir sy vrou gesê het toe hy by die huis aangekom het. Wat dink jy het sy vrou vir hom gesê? Voeg die toneelaanwysings in wat jy as belangrik beskou.

Thomas:

Vrou:

Thomas:

Vrou:

Thomas:

Vrou:

Thomas:

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

45 Verskillende karakters

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.



Vertel die klas van 'n spesiale Kersfees wat jy geniet het. Indien jou familie ander feesdae vier, vertel die klas van een van die feesdae.

Ons lees

Dit is die volgende deel van die verhaal.

Die arm broer het die meule onder sy arm gedruk en teen die heuwel opgeklim, totdat hy by die ingang in die heuwelhang gekom het. Toe het hy deur die sneeu aangesukkel.

Hy kon nie wag om uit te vind wat die meule kon doen nie. Toe hy by die huis kom, sit hy die meule op 'n wankelrige tafel neer en glimlag. "Kyk wat het ek gebring!" Sy vrou lyk baie onseker. Waarom het hy 'n meule huis toe gebring? Wat moes hulle dan eet? Maar sy was 'n goeie mens en wou nie kla nie.

Thomas vra die meule om die wonderlikste Kersete te maak. Hy vra vir kalkoen, groente en twee poedings. Alles wat hy vra, verskyn op die tafel. Toe vra hy vir 'n Kersboom – en daar verskyn dit! Sy vrou vra geskenke om onder die boom te pak, en genoeg kos en geskenke vir al hul vriende. Die meule gee vir hulle alles wat hulle nodig het.

"Maal, meuletjie, maal gou, maal vir ons 'n huis!"
Die meuletjie maal en maal, totdat die arm broer die mooiste huis in die wêreld het.
Dit het groot vensters en breë trappe, en die huis is vol pragtige meubels.
Die meule maal alles wat hulle in die huis nodig het. Hy maal skape en koeie en kos vir hulle om te eet. Hy maal oeste. Uiteindelik het Thomas en sy vrou alles wat hulle nodig het.

"Halt, meuletjie, halt!" sê hy, en die meule hou op maal.

Die ryk broer hoor van al die vreemde dinge wat gebeur het, en hy gaan sy arm broer besoek.

Die mense in 'n storie is die karakters. 'n Karakter kan goed, sleg, goedhartig, gemeen, gelukkig of ongelukkig wees. 'n Karakter kan hardwerkend of lui, ryk of arm, vet of maer wees. Karakters kan ook op verskillende maniere praat.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Watter soort mens is die arm broer? Sê waarom.

Watter soort mens is sy vrou? Sê waarom.

Skryf 3 dinge oor Thomas se broer.

Skryf 3 dinge wat Thomas en sy vrou van die meule gevra het.

As jy 'n towermeule in die hande kon kry, watter 3 dinge sou jy hom vra om vir jou te maal?



Ons skryf

Die woorde in die raampie regs is deurmekaar.
Sorteer hulle uit en plaas hulle in die tabel onder die woorde wat dieselfde klink.

boek	huis	geut

muis	soek	gleuf
neus	ruit	boef
soet	reus	ui
luid	voed	geur





46

Ons skryf oor karakters

DATUM



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne deur **sy**, **haar**, **ons**, **ons s'n** of **hulle s'n** te gebruik.

Thomas is baie in sy skik met _____ meule.

Thomas se vrou kuier by _____ beste vriendin op die dorp.

Die meule behoort aan Thomas en _____ vrou. Dit is _____.

Sy sê vir Thomas se broer: "Dit is _____ meule."



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in direkte rede oor.





Voorbeeld

Hy het vir my gesê dat hy 'n plaas het.

Hy het gesê: "Ek het 'n plaas."

Hy het gesê sy naam is Thomas.

Hy het gesê: "My _____

Hy het vir my gesê dat hy 'n meule het.

Hy het gesê: "Ek _____

Hy het gesê dat hy die meule aan die dorpenaars geskenk het.

Hy het gesê: "Ek _____

Sy het vir haar man gesê dat sy baie bly is oor die meule.

Sy het gesê: "Ek _____



Vir die pret

Wat sou jy graag wil hê dat die meule vir jou moet maak? Teken in die ruimte 'n prent daarvan.



Ons skryf

Skryf 5 reëls waarin jy sê waarom jy sou wil hê dat die meule vir jou hierdie spesifieke ding moet maak.



Ons skryf

Plaas hierdie woorde in alfabetiese volgorde.
Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 3.
Skryf die woorde dan in jou woordeboek.

	greep
	graad
	grys

	dwerg
	dwaas
	dwars

	storie
	steil
	staar

Onderwyser:
Teken:
Datum:

47 Die einde van die storie

DATUM



Kyk na die prent en gesels daaroor.

Ons praat

Jy sien in die koerant hierdie foto van 'n boot wat gesink het
Rapporteer die ongeluk aan die klas. Gee in jou verslag die volgende inligting:

Wanneer die ongeluk gebeur het	**Wat** gebeur het
Die **naam** van die boot	**Waarom** dit gebeur het
	Wat **as gevolg van** die ongeluk gebeur het



Ons lees

Die ryk broer het gehoor van die meule, en het gehoor hoe sy broer die meule vra om dinge vir hom te maal. Die ryk broer wil daardie meule meer as enigiets anders ter wêreld hê. Hy wil hê dat dit vir hom sout moet maak – 'n **kommoditeit** wat almal wil hê, en wat hom nog veel ryker sal maak. Een aand kruip hy in sy broer se huis in en steel die meule.

Hy neem die meule na sy boot en **vaar** die oop see in. As hy die meule kan kry om genoeg sout te maak om aan almal in die wêreld te verkoop, sal hy die rykste man in die wêreld word.

Toe hy ver op die see uit is, sê hy vir die meule: "Maal, meuletjie, maal gou, maal vir my sout!"

En die meule begin sout maal, en maal meer sout, en nog meer sout. Toe hy sy honderdduisend sakke volgemaak het, roep die broer, "Hou nou op, meuletjie".

Maar die meuletjie hou nie op nie. Die broer het nie die regte woorde geken nie. Hy probeer elke **bevel** waaraan hy kan dink, maar niks werk nie. Toe hy sien hoe die hele boot met sout gevul word, raak hy **desperaat**. Hy skree histeries op die meule, maar die meule hou aan om sout te maal, en nog meer sout, en nog meer sout. **Binnekort** is daar soveel sout dat die boot sink, maar die meule hou aan met maal. En dit is waarom die see so sout is.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Hoe het die broer die meule in die hande gekry?

Wat wou hy van die meule hê?

Hoe is hy gestraf?

Dink jy hierdie storie bevat 'n les?

Verbeel jou dat die storie anders geëindig het. Dalk het die broers goeie vriende geword, of het Thomas en sy vrou inhalig en gemeen geword, of het hulle besef dat materiële dinge nie geluk bring nie.

Skryf 'n nuwe einde vir die storie, en sê dan of die les van die storie nog dieselfde is.



Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

kommoditeit	seil
bevel	wanhopig
vaar	iets wat gekoop en verkoop kan word
desperaat	binne 'n kort tydjie
binnekort	opdrag

Onderwyser:

Teken:

Datum:

48 Jou eie storie

DATUM

Kyk na die lys artikels in hierdie tydskrif.
Skryf in die regterhandse kolom of die artikels feit, fiksie of opinie is.

Ons skryf

Inhoud

Artikels

2 Kommentaar deur die Redakteur
4 Die vakansie is hier!
8 Stap jouself gesond
10 Advertensies – die verborge boodskap
12 Taxibestuurder – deel 4
14 Sorg vir jou omgewing
16 Briewe – sê jou sê
18 Die jonges – 'n Suid-Afrikaanse verhaal
22 Drink behoort verban te word
24 Die beste plekke om te besoek











Verbeel jou dat jy die meule in die hande kan kry. Sê vir jou maat hoe jy dit sou gebruik en hoe jy dit sou laat ophou.

Ons skryf

Eerste sal ek

Dan sal ek

Daarna sal ek

Laastens sal ek

Ons skryf

Wat is feit en wat is opinie? Skryf langs elke sin **F** of **O**.

Vandag is dit Woensdag, en gister was dit Dinsdag. ☐

Melkskommels is gesonder as koffie. ☐

Die Oos-Kaap is die beste provinsie in Suid-Afrika. ☐



VOOROMSLAG

Teken hier 'n prent.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam hier in (jy is die outeur).

1

STAP 1: Vou op die stippellyn

STAP 2: Vou op die stippellyn

STAP 3: Kram dit aan hierdie kant vas

AGTEROMSLAG



OOR DIE OUTEUR

Jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

STAP 4: Knip op die stippellyn nadat jy jou boek vasgekram het

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prent.

5

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4.

Teken hier 'n prent.

Teken hier ’n prent.

Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier ’n prent.

Voltooi jou storie.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier ’n prent.

6

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier ’n prent.

Kuns en kultuur

4



49 Kom ons wikkel!

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Watter instrument speel die musikant?

Beskryf die instrument.

Speel jy enige musiekinstrument? Indien nie, sou jy graag een wou speel?

Sê vir die klas wat jy graag sou wou speel en waarom.

Wie is jou gunstelingmusikant? Sê waarom.

Ons lees

Suid-Afrikaanse groep op die rand van sukses in Amerika

Junie 25, 2011
Deur Siddhartha Mitter, Globe-korrespondent

Freshlyground is 'n **gewilde** Suid-Afrikaanse groep wat in Kaapstad begin musiek maak het en reeds baie treffers agter die blad het.

Vroeg in 2010 het Freshlyground hul produsent John Hill in New York ontmoet. Hulle was besig om hul nuwe liedjie, Radio Africa, op te neem. John was besig met Shakira se **amptelike** lied vir die 2010-sokkerwêreldbeker, die grootste sportgebeurtenis op die **planeet**, wat in Suid-Afrika gehou sou word.

"Hy het gehoor dat daar drie verdiepings hoër 'n groepie Suid-Afrikaners is," vertel Freshlyground se tromspeler Peter Cohen later per telefoon van Kaapstad. "Ons het die hele nag lank opgeneem. Toe hoor ons maande lank niks van hom nie — tot drie weke voordat die liedjie vrygestel is, en ons was in die wolke." Die liedjie was Waka Waka (This Time for Africa).

Die lede van die groep is uit Suid-Afrika, Zimbabwe en Mosambiek afkomstig. Hulle gebruik instrumente, tale en ritmes uit al drie lande.

Hul liedjies handel oor geliefdes en ouerskap, maar ook oor **werkloosheid**, **korrupsie** en misdaad.



Ons verstaan

Beantwoord nou hierdie vrae.

NUWE WOORDE

Waar het die groep Freshlyground begin?

Met watter liedjie het Freshlyground wêreldwye beroemdheid verwerf?

Watter album het hulle in New York gemaak?

Saam met wie het hulle Waka Waka gemaak?

Uit watter drie lande is die lede afkomstig?





Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

gewilde	offisiële
amptelike	die aarde
planeet	sonder werk
werkloosheid	oneerlikheid
korrupsie	populêre



50 Die geboorte van 'n musiekgroep



DATUM

Skryf hierdie sinne in indirekte rede.

Ons skryf

Voorbeeld

Jinty sê: "Freshlyground **is my** gunstelinggroep."

Jinty sê Freshlyground **is haar** gunstelinggroep.

Ons gebruik indirekte rede wanneer ons rapporteer of vertel wat iemand anders gesê het. Dan gebruik ons nie aanhalingstekens nie.

"Hy het gehoor dat daar drie verdiepings hoër 'n groepie Suid-Afrikaners is," het Freshlyground se tromspeler Peter Cohen gesê.

Freshlyground se tromspeler Peter Cohen het gesê dat _____

_____

Hy het gesê: "Ons het die hele nag lank opgeneem."

Hy het gesê dat _____

_____

Hy het gesê: " Toe hoor ons maande lank niks van hom nie — tot drie weke voordat die liedjie vrygestel is, en ons was in die wolke."

Hy het gesê dat _____

_____



Ons skryf

Verbind hierdie sinne deur **en**, **maar** en **omdat** te gebruik.

Freshlyground se loopbaan het in Kaapstad begin _____ binnekort was hulle baie bekend in Suid-Afrika.

Die meeste mense in Suid-Afrika het hulle geken _____ min mense oorsee het al van hulle gehoor.

Hulle het wêreldberoemd geword _____ hulle Waka Waka vrygestel het!

Hulle doen liedjies oor geliefdes _____ ouerskap _____ ook oor misdaad.

Ons lees

Lees die plakkaat vir *Freshlyground* se optrede op Broadway in Amerika.

Die New Yorkse Klub bied aan Freshlyground van Waka Waka-faam op Broadway



Vir die pret

Maak nou jou eie plakkaat vir 'n groep waarvan jy hou. Sluit die volgende by jou plakkaat in:

- Die naam van jou groep
- Waar jou groep speel
- Die datums waarop die groep sal optree
- Hoe laat die vertonings sal begin
- Hoeveel die kaartjies sal kos

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

51 Boem di di boem!



Luister na hierdie gedig wat jou onderwyser vir jou lees, en doen dan die aktiwiteite.

Ons praat



Bennie speel baskitaar
geheel en al vals.
Sarah sing terwyl sy kou
en oraloor rondwals.

Payton speel klavier met haar
elmboë en haar ken.
Brayden slaan op emmers
met 'n houtrolbalpen.

Natan ken twee note
waarmee hy laat waai.
Bailey sit op doedelsakke
en klink soos 'n haan wat kraai.

Ons speel met opset so
met 'n klank wat katte roep.
Dis pret om bekend te wees
as goorste studentegroep.

Kenn Nesbitt



Lees die gedig hardop vir jou maat.
Oefen die ritme van die gedig deur met jou hande te klap.
Voer die gedig in die klas op. Die een wat die snaaksste is, wen.



Ons lees

Johnny Clegg is op 7 Junie 1953 in Engeland gebore en het in Israel, Zambië, Suid-Afrika en Zimbabwe gewoon voordat hy in 1965 na Johannesburg gekom het.

Johnny was 14 en besig om kitaar te leer speel toe hy Charlie Mzila ontmoet het. Charlie het straatmusiek naby Clegg se huis gemaak. Twee jaar lank het Clegg die basiese beginsels van die Zulukultuur geleer asook **tradisionele** *inhlangwini*-danse toe hy saam met Mzila na hostelle en **sjebeens** gegaan het. Dit was gedurende die era van apartheid, en omdat Johnny Clegg dikwels by swart musikante was, is hy baiemaal **gearresteer**.

Sipho Mchunu, 'n Zuluwerker wat Johannesburg toe gekom het om werk te kry, het van Johnny Clegg gehoor. Hy het Johnny ontmoet en tot 'n kitaarkompetisie **uitgedaag**. Hulle het baie goed bevriend geraak en saam begin speel. Hulle het 'n musiekgroep begin wat hulle Juluka genoem het.

In 1979 het hulle hul eerste album, *Universal Men*, gemaak. Dit is nie op radiostasies gespeel nie, maar het 'n treffer geword omdat almal daarvan gepraat het. Juluka het in Europa gaan toer en het twee platinum en vyf goue albums gehad. Hulle het 'n **internasionale** sukses geword. Juluka het uiteindelik **ontbind** in 1985, toe Mchunu na Zululand teruggegaan het om met beeste te gaan boer.

Sedertdien tree Johnny op sy eie op, en behaal hy steeds groot sukses. In 2004 en 2005 het hy Nelson Mandela se 46664-konserte ten bate van Vigs-bewustheid in Suid-Afrika en Noorweë ondersteun.

In Frankryk word daar gemoedelik na hom verwys as "le Zoulou blanc".

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Oor wie handel die artikel?

Watter groep het hy en Sipho Mchunu gevorm?

Hoe het die album 'n treffer geword al is dit nie op radiostasies gespeel nie?

Weet jy waarom Nelson Mandela se Vigs-bewustheidskonserte die nommer 46664 gegee is? Indien jy nie weet nie, vra jou onderwyser of een van jou maats.

Probeer uitwerk wat "le Zoulou blanc" beteken.

Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

tradisionele	in hegtenis geneem
sjebeen	wêreldwye
gearresteer	uitgenooi tot 'n kompetisie
uitgedaag	uitmekaargegaan
internasionale	township-kroeg
ontbind	outydse

Onderwyser:
Teken:
Datum:

52

Musiek, musiek, musiek

DATUM

Lees die advertensie vir Johnny Clegg se konsert.

Ons lees



JULUKA! JULUKA!

TREE OP TEN BATE VAN 46664

Maak jou reg vir die gebeurtenis van die jaar!

Ervaar die klanke van Afrika!

Kom vergaap jou aan Clegg!

Kom verwonder jou aan Sipho!

Bel 1234 Juluka om jou sitplek te bespreek.

Bespreking noodsaaklik

Ons skryf

Jy wil graag die Juluka-konsert bywoon. Jy het egter meer inligting nodig voordat jy jou kaartjie kan bespreek. Skryf 4 vrae wat jy wil vra om die inligting te bekom wat jy nodig het.

1.
2.
3.
4.

Ons skryf

Skryf 4 moontlike antwoorde op jou vrae neer.

1.
2.
3.
4.



Ons skryf

Plaas hierdie radio-advertensie in die toekomende tyd.

Wanneer jy iets in die toekomende tyd skryf, moet jy "sal" saam met die werkwoord gebruik.

NUWE WOORDE

Johnny Clegg en Sipho Mchunu het gisteraand by die sokkerstadion opgetree. Die gehoor het baie vir hul kaartjies betaal. Daar het groot opwinding geheers, omdat dit Juluka se eerste konsert in 'n lang tyd was. Die gehoor is op baie van hul gunstelingliedjies getrakteer. Broodjies en koeldrankies is buite die stadion bedien. Niemand is toegelaat om in die stadion te rook nie.



Vir die pret

Teken 'n omslag vir hierdie CD. Maak dit so kleurvol moontlik.

Johnny Clegg en Juluka

Die heel beste van Johnny Clegg en Juluka

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

53 Kom ons kyk na prentjies



Ons praat

Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.

- Waaroor dink jy handel hierdie prentjie?
- Is dit 'n vrolike of 'n treurige prentjie? Sê waarom.
- Watter kleure sou jy gebruik om 'n vrolike prent te teken?
- Watter kleure sou jy gebruik om 'n treurige prent te teken?





Ons lees



Liewe Tessa

Vandag het ek Vuyani besoek – die klein dorpie waar Noriah Mabasa woon. Sy woon in 'n **verstommende** huis. Dit lyk asof kleifigure uit die mure uitkom, en aan **weerskante** van die hek staan daar sterk Vendavroue. Dit was haar drome wat haar geleer het hoe om haar figure te skep. Toe ek haar oor haar drome gevra het, het sy gesê: "Ek het begin danksy 'n droom. Daar het baie tyd verbygegaan, omdat ek dit nie goed verstaan het nie. Daar was 'n ou dame wat my deur my drome geleer het van dinge wat eers later vir my belangrik geword het."





Noriah gebruik haar drome om dinge uit hout en klei te vorm. Omdat sy die moed gehad het om haar drome te volg, is sy as **beeldhouer** aanvaar in 'n kunsvorm wat tradisioneel deur mans beoefen word. Het jy geweet dat dit **buitengewoon** is vir vroue om hierdie soort beeldhouwerk te doen, en dat dit gewoonlik net mans is wat dit doen? Nelson Mukhuba, wat in 1987 oorlede is, het Noriah **ondersteun** en vir haar gesê dat hy haar beelde aan almal wou wys.





Ek wens jy was hier om te kan sien wat sy maak. Dit is regtig pragtig.

Liefde

Xani





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

In watter provinsie is Vuyani? Indien jy nie weet nie, vra 'n maat of jou onderwyser.

Wat maak Noriah Mabasa?

Hoe het sy geleer om hierdie dinge te maak?

Wat is buitengewoon omtrent Mabasa as 'n kunstenaar?

Beskryf in jou eie woorde die hek en die muur wat haar huis omring.

Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

verstommende	uitsonderlik
weerskante	steun verleen
beeldhouer	aan albei kante
buitengewoon	skepper van beelde
ondersteun	wonderbaarlike

Onderwyser:
Teken:
Datum:

54

Kom ons ontmoet 'n kunstenaar

DATUM



Ons lees

Lees die gesprek tussen Tessa en Xani.





Ons skryf

Skryf wat Xani en Tessa gesê het in indirekte rede. Gebruik party van die woorde om Noriah Mabasa se heining om jou te help.



1.
2.
3.
4.
5.
6.



Ons skryf

Die Minister van Basiese Onderwys gee aan alle Graad Vywe die geleentheid om 'n beroemde musikant te ontmoet. Jy word gevra om 'n brief te skryf waarin jy haar vertel van die beroemde musikant wat jy graag sou wil ontmoet.

Sê in paragraaf 1 wie jy graag sou wil ontmoet, en watter vrae jy hom of haar sou wil vra.
Skryf in paragraaf 2 watter soort dinge jy graag oor die persoon sou wil uitvind.
Sê in paragraaf 3 waarom die besoek vir jou belangrik is.

Gebruik die woorde in die ballon om jou te help.

Die uwe
Geagte
Datum
Jou adres
Name
Slotgroet



Onderwyser:
Teken:
Datum:

55 'n Gemeenskapskunstenaar

DATUM

Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.



- Waarom word hierdie muur geverf?
- Word die muur deur een persoon of deur meer as een geverf?
- Dink jy dit is 'n goeie idee? Sê waarom jy so dink.
- Is daar 'n area in jou gemeenskap wat jy mooier sou kan maak?
- Sê wat die area is, en sê vir die klas watter voorstel jy aan die gemeenskap sou doen.



Ons lees

"Dit is belangrik om iets aan die gemeenskap terug te gee, en ek wou iets aan Rosebank se polisie gee," sê Sidwell Rihlamvu, 'n kunstenaar en **inwoner** van Rosebank wat kunswerke aan die polisiestasie **geskenk** het. "Dit is my **bydrae** as kunstenaar om my kuns aan die polisie te gee om hulle **aan te moedig** en **erkenning te verleen** aan hul harde werk in die bevegting van misdaad," voeg hy by.

Hy het 'n T-hemp geverf om die geweld in Suid-Afrika uit te beeld. Rihlamvu het 'n kunsbeurs ontvang om aan die Universiteit van die Witwatersrand te gaan studeer. "In my werk skenk ek aandag aan kulturele verskille en aan die geweld in die land. As kunstenaar leer ek voortdurend terwyl ek skilder en beeldhouwerk doen," sê hy.

Rihlamvu het by die Funda-gemeenskapskollege in Soweto kunsklasse geneem en later 'n kunsonderwyser geword. Hy stel sy werke sedert 2000 ten toon. Sy werk is reeds in Griekeland, Italië, Frankryk en Engeland **besigtig**.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

1. Sidwell glo daaraan om aan die gemeenskap terug te gee. Hoe gee hy aan die gemeenskap terug?

2. Hoe voel hy oor die polisie in Rosebank?

3. Hy glo dat daar baie misdaad in Suid-Afrika is. Dink jy daar is baie misdaad in Suid-Afrika? Sê waarom.

4. Gee die artikel 'n titel.

5. Skryf een opinie en een feit uit die artikel neer.

Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links. Ons het vir jou 'n voorbeeld gedoen.

inwoner	erken
geskenk	'n deel wat iemand gee
bydrae	gegee
aan te moedig	bekyk
erkenning te verleen	te ondersteun
besigtig	iemand wat daar woon

Onderwyser:
Teken:
Datum:

56 Kleure oraloor!

DATUM

Ons praat

Jy en jou maats word gevra om die plakkate wat kinders by julle skool gemaak het, te beoordeel. Gesels oor die plakkate en besluit watter een die beste is. Die plakkate moet oor die kunste handel.



Vul die kaart in. Ken vir elke plakkaat 'n punt uit 10 vir elke aspek toe. Besluit dan wie die eerste, tweede en derde prys ontvang, en vul 1ste, 2de of 3de op die plakkate in.

	Plakkaat 1	Plakkaat 2	Plakkaat 3
Adverteer die plakkaat die kunste?			
Is dit duidelik wat die plakkaat adverteer?			
Is die plakkaat kleurvol?			
Is die letters duidelik?			
Sal jy die plakkaat onthou?			
Punt uit 50			



Ons skryf

Jy word gevra om te verduidelik waarom jy die plakkaat hierdie punte gegee het. Skryf iets oor elke plakkaat.

NUWE WOORDE

Plakkaat 1

Die plakkaat se voorkoms:

Die kleure wat gebruik is:

Die inligting wat gegee word:

Wat maak die plakkaat baie goed of wat kan verbeter word?

Plakkaat 2

Die plakkaat se voorkoms:

Die kleure wat gebruik is:

Die inligting wat gegee word:

Wat maak die plakkaat baie goed of wat kan verbeter word?

Plakkaat 3

Die plakkaat se voorkoms:

Die kleure wat gebruik is:

Die inligting wat gegee word:

Wat maak die plakkaat baie goed of wat kan verbeter word?

Onderwyser:
Teken:
Datum:

57

Kom ons raak kreatief

DATUM



Ons doen

Jy gaan 'n vlieër maak. Volg hierdie instruksies.

Jy het nodig

'n Bruinpapiersak

Papier

Tou

Gom

Verf

Metode:

Maak 4 gate boaan die bruinpapiersak – een in elke hoek. Plak papierringe om elke gat om dit te versterk.

Sny nou twee stukkies tou van omtrent 72 cm elk.

Maak die punt van elke stukkie tou deur een van die gate vas om twee lusse te vorm.

Sny nou nog 'n stukkie tou – weer omtrent 72 cm lank. Ryg hierdie nuwe stukkie tou deur die twee lusse wat jy reeds gemaak het en maak 'n knoop. Hierdie stukkie tou sal die handvatsel van jou vlieër word. Bind 'n lang tou, wat op 'n plankie of katrol opgerol is, aan die handvatsel van die tou vas.

Verander jou vlieër in 'n vis deur oë, vinne en kiewe daarop te verf. Jy kan ook verskillende dinge daarop vasplak, maar maak seker dat jy die vlieër nie te swaar maak nie, anders sal hy nie in die lug kan bly nie.

Gebruik papierlinte om die vlieër se stert te maak en plak hulle onderaan die papiersak vas.

Wanneer die gom en verf droog is, is die vlieër gereed om te vlieg.





Ons lees

Farai Moodley, 'n verslaggewer vir *Top Fashion*, het onlangs in Johannesburg met David Tlale gepraat. David is 'n baie gewilde modeontwerper, en hy het gepraat oor die dinge wat vir hom belangrik is en oor wat die gehoor gedurende die Modeweek in New York kan verwag om in sy **versameling** te sien.

Farai: Haai David! Maggies, veels geluk man! Ontwerper van die Jaar, en nou gaan jy vir die eerste keer aan die Modeweek vir lente en somer 2012 deelneem!

David Tlale: Baie dankie! Ek is baie **in my skik** oor hoe my ontwerpe in Suid-Afrika, Afrika en nou in die VSA versprei.

Farai: Daar is beslis baie mense wat opgewonde is oor jou werk! Ons het jou naam onlangs op Facebook genoem, en toe sê Tselane Tambo jou **kledingstukke** is te wonderlik …

David Tlale: Wat sê jy! Dis baie opwindend, en dit is goed om te weet dat die handelsmerk regtig groei – baie meer as wat ek ooit kon gehoop of gedroom het.

Farai: Jou ontwerpe is dramaties, en jy gebruik baie sterk **tekstiele** en kleure. Waar kry jy jou idees vandaan?

David Tlale: Ek probeer my altyd indink hoe ek sou wou aantrek as ek 'n vrou was.

Farai: David, hier is jy, op pad na die Groot Appel! Jy gaan jou klere by die Modeweek in New York wys! Hoe voel jy daaroor?

David Tlale (lag): O, ek is lekker op my senuwees! My klere gaan deur supermodelle vertoon word. Dit is maar 'n bietjie **senutergend**.

Farai: Ons het probeer om foto's te kry van die klere wat jy in New York gaan wys om aan ons lesers 'n idee van al die **opwinding** te gee, maar ons kon niks in die hande kry nie!

David Tlale (lag): O nee!! Ons wil seker maak dat almal op die aand self verras word. Dit gaan my aand wees!



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.

David Tlale is 'n

model		
superster		
modeontwerper		

Hy gaan sy klere vertoon in

New York		
Groot-Brittanje		
Australië		

Skryf 'n frase neer wat vir ons sê dat David Tlale senuweeagtig is.

Waarom wil hy nie hê verslaggewers moet sy klere voor die vertoning sien nie?

Wat beteken "senutergend"?

Onderwyser:

Teken:

Datum:

DATUM

58 Woordspeletjies



Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

versameling	opgewondenheid
in my skik	iets wat jou senuweeagtig maak
kledingstukke	materiale
tekstiele	'n groep nuwe uitrustings
senutergend	klere
opwinding	bly oor



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne met **mag**, **kan**, **moet** of **behoort**.

Ek _____ jou help om kos te maak as jy wil.

_____ ek 'n nuwe rok vir my maat se partytjie gaan koop?

'n Mens _____ die broodkrummels te week voordat jy dit by die dis voeg.

'n Mens _____ altyd links en regs te kyk voordat jy die straat oorsteek.

_____ ek vir julle toebroodjies maak?



Ons skryf

Voltooi die sinne. Gebruik die woorde in die raampies om jou te help.

hier | vinnig | mooi | pragtig | stil | skaam

Philemon staan _____ eenkant.

Kom _____ en sit _____ stil.

Jane het _____ op die verhoog geklim om haar prys te ontvang.

Die kunstenaars skilder _____.

Kom ons stap _____ skool toe.





Ons skryf

Kom ons bak 'n koek vir Kersfees!
Vul die dinge wat jy wil gebruik en die kleure wat hulle moet wees in.



NUWE WOORDE

11 stukkies _____ spookasem
kleur

4 koppies _____ sjokolade
kleur

4 eetlepels _____
vrugte

2 koppies _____
iets om die mengsel mee te bind

2 koppies _____
groente

4 teelepels _____ iets met 'n suur smaak



Skryf nou neer wat jy met jou bestanddele gaan maak. Gebruik party van die woorde in die koek.

Metode:

Stap 1
Stap 2
Stap 3
Stap 4
Stap 5

Onderwyser:
Teken:
Datum:

DATUM

59 Opgetooi!



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



- Sou jy so 'n hoed dra?
- Indien wel, sê waarom.
- Indien nie, sê waarom nie.
- Beskryf nou aan die klas watter soort hoed jy sal dra. Praat oor hoe dit sal lyk, watter kleur dit sal wees, van watter materiaal dit gemaak sal wees en wanneer jy dit sal dra.



Ons lees

Suid-Afrikaans gebore modeontwerper en sakeman Lesego Malatsi het eers **pasklaar** klere in 'n inkoopsentrum in Soweto gemaak maar vertoon sy klere nou in Londen.

In sy eerste internasionale modevertoning vertoon hy sy nuwe Afrikapatrone. Malatsi se lang pad na Londen het in 'n klein huisie in Soweto begin.

Nadat hy die skool verlaat het, het hy eers as **tesourier** probeer werk, maar nadat hy die boeke van 'n kosmetiekmaatskappy gedoen het, het hy van plan verander. "Die **ervaring** het my anders na dinge laat kyk" sê hy. Hy het toe modeontwerp gaan bestudeer, en maak sedertdien klere.

Hy moes baie hard werk om geld te verdien, en uiteindelik het hy 'n winkel in die inkoopsentrum oopgemaak om sy klere te verkoop. Sy winkel se naam is Mzansi Design Emporium, en hy het nou 12 voltydse verkoopsdames in sy winkel. Hy beplan om oor 5 jaar 900 **werknemers** te hê.

"Ek gebruik dinge wat ek as werklik Suid-Afrikaans beskou, en die kleure wat ek gebruik, wys hoe verskillend ons almal is," sê hy. Malatsi sê ontwerpers moet **getrou** aan hulleself en hul wortels wees om 'n internasionale gehoor te kan beïndruk.



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae. Skryf jou antwoorde uit of merk die regte antwoorde.





Hierdie gedeelte is 'n

gedig		
artikel		
toneelstuk		

Wat het Malatsi gedoen voordat hy 'n modeontwerper geword het?

Waar woon hy?

Waarom dink jy het hy eers gesukkel om geld te verdien?

Wat is die naam van sy winkel?

Wat moet Suid-Afrikaanse modeontwerpers doen om mense in die buiteland te beïndruk?





Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

pasklaar	ondervinding
tesourier	lojaal
ervaring	gereed om aan te trek
werknemers	boekhouer
getrou	mense wat in diens is

Onderwyser:
Teken:
Datum:

60

Mode vir almal

DATUM





Ons doen

Jy is gevra om 'n opname te doen van die verskillende soorte klere wat 5 van die meisies in jou klas graag dra. Maak regmerkies in die blokkies in die tabel hieronder.

	Meisie 1	Meisie 2	Meisie 3	Meisie 4	Meisie 5
Denimjeans					
Romp en bloes					
Kortbroek					
Lang rok					
Minirok					



Ons skryf

Gebruik nou die inligting hierbo om 'n staafkaart te teken.

Soorte klere

Name van maats

Ons skryf

Jou skool vra jou om 'n nuwe skooluniform te ontwerp. Verduidelik hoe jou uniform sal lyk.

Onthou om in te sluit watter kleur dit is, hoe dit lyk, van watter soort materiaal dit gemaak is, en wat dit sal kos.



Ons doen

Teken in hierdie ruimte 'n prentjie van jou skooluniform.

Ons skryf

Jou skool gaan 'n modevertoning hou. Jy word gevra om die uitnodigings te ontwerp. Teken 'n prent om die uitnodiging op te helder.

Uitnodiging na die gebeurtenis van die jaar:
die jaarlikse modevertoning!

Waar _____

Wanneer _____

Tyd _____

Koste _____

Onderwyser:

Teken:

Datum:

61

Verskillende karakters

DATUM



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

- Wat doen hierdie kinders?
- Het jy al ooit in 'n toneelstuk opgetree?
- Het jy dit geniet?
- Beskryf die toneelstuk waarin jy opgetree het.



Ons lees

Leleti Khumalo is in 1970 in Kwa Mahu, 'n klein township noord van Durban, gebore. Khumalo se gesin was baie arm. Haar pa is oorlede toe sy drie jaar oud was, en haar ma het die gesin onderhou deur as huishulp te werk.

Van jongs af was Khumalo lief vir dans en musiek. Sy was 'n gebore uitvoerende kunstenaar. Op 'n vroeë ouderdom het sy aangesluit by Amajika, 'n dansgroep.

Op die ouderdom van 15 het Khumalo op byna sprokiesagtige manier bekend geraak. Toe die Suid-Afrikaanse musikant, akteur en dramaturg Mbogena Ngema op soek was na nuwe talent vir 'n musiekblyspel waarmee hy besig was, het hy 'n draai gemaak by die motorhuis waar haar jeuggroep geoefen het. Nadat hy gesien het waartoe Khumalo in staat was, het Ngema haar gevra of sy aan sy musiekblyspel sou deelneem. Sy het ja gesê. Die musiekblyspel het uiteindelik die internasionale treffer *Sarafina*! geword. Ngema het die titelrol aan Khumalo toegeken, en sedertdien is beide haar loopbaan en haar persoonlike lewe baie bedrywig. Sy het 'n ster geword en is uiteindelik met Ngema getroud.



Ons skryf



NUWE WOORDE

Beantwoord nou hierdie vrae.

Dink die skrywer van die artikel Leleti Khumalo is baie talentvol? Skryf 'n sin uit die gedeelte neer wat dit vir ons sê.

Wat was die naam van die eerste toneelstuk waarin sy opgetree het?

Waar is Khumalo gebore?

Hoe het haar ma die gesin onderhou?

Hoe het vir Ngema Khumalo ontdek?



Ons skryf

Skryf die 8 pare woorde wat saamhoort neer. Ons het die eerste paar vir jou gedoen. Skryf hulle in die ballonne.

steil	heil	vel	styl	suil	muil	fel	ly
keil	huil	vuil	lei	myl	seil	kuil	vyl



62

'n Kamma-kamma wêreld

DATUM



Ons skryf

Kies die beste woord uit die raampies hieronder.

kwaai | ondeund | mooi | stadig | trots | hard | duidelik | vrolik | maklik | pragtig | goed | vinnig

Gedurende repetisies het die aktrise _____ en _____ gepraat.

Die stelle vir die toneelstuk is _____ gemaak.

Die kinders het _____ oor die verhoog gedraf.

Die kostuums is _____ ontwerp.

Moenie _____ praat nie; dit is beter om _____ te praat.



Ons skryf

Verander hierdie sinne van indirekte rede na direkte rede.

Sy sê haar naam is Leleti Khumalo.

Sy sê: "My

Sy het vir my gesê dat sy baie gelukkig is.

Sy het gesê: "Ek

Sy het vir die verslaggewer gesê dat *Sarafina!* 'n groot sukses was.

Sy het gesê: "

Sy het gesê dat sy met 'n wonderlike man gaan trou.

Sy het gesê: "Ek



Ons skryf

Skryf 'n gedig op die TV-skerm. Gebruik party van die woorde in die raampies om jou te help.

kwaad | ontsteld | televisie | nuut | studeer | huiswerk | saggies | mamma | pappa | skree | kyk | sport | eetgoed | drinkgoed | biltong | aartappelskyfies

NUWE WOORDE



Ons skryf

Rangskik hierdie woorde in alfabetiese volgorde. Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 3. Skryf hulle dan in jou woordeboek.

	teater
	toneelstuk
	trio

	akteur
	aktrise
	aksie

	musiek
	musikant
	monoloog

Onderwyser:
Teken:
Datum:

63

Die einde van 'n verhaal

DATUM

Dramatiseer hierdie gedig. Besluit hoeveel mense jy nodig het om jou te help om dit op te voer.

Ons praat

Ons het almal ons talente vertoon
By die kompetisie in ons klas
Elkeen vaar goed in sy eie ding
En kry iets wat by hom pas!

Theresa lees 'n snaakse gedig
En Tommie speel die tromme.
Rosita is goed met towerkunsies
En May maak vinnige somme.

Al wat ek kan doen, is baie praat –
Dis 'n uitgemaakte saak.
Daarom was ek die een
Wat die aankondigings maak!

Betsy Franco

Ons lees

Life Above All was 'n rolprent wat die eerste keer in Cannes in Frankryk vertoon is. Dit is 'n pragtige film, en almal wat daaraan gewerk het, moet gelukgewens word.

Die film handel oor 'n 12-jarige meisie wie se ma Vigs opdoen en die dorp verlaat. Die meisie is sterk en **heldhaftig**, en versorg die gesin. Dit is moeilik, omdat mense in die gemeenskap bang is vir mense wat Vigs het.

Life Above All is **gebaseer op** die roman *Chanda's Secret*. Dit is verfilm in die klein dorpie Elandsdoorn onder die regie van Suid-Afrikaans gebore Oliver Schmitz.

Die drie Suid-Afrikaanse vroue wat die **hoofrolle** van die jong meisie, Chanda, haar ma en 'n ander karakter, mevrou Tafa, vertolk, is die 13-jarige Khomotso Manyaka, Lerato Mvelase en Harriet Manamela.

Toe Khomotso met die **pers** gepraat het, het sy gesê dat haar **betrokkenheid** by haar eerste rolprent haar "alles" geleer het, soos "om nie geheime te hê nie, om duidelik te praat en om te aanvaar wat in jou lewe gebeur".



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.

Waar is die rolprent *Life Above All* eerste vertoon?

Wat is die hoofverhaal van die film?

Waar is *Life Above All* verfilm?

Wat het Khomotso Manyaka tydens die verfilming van die rolprent geleer?

Die gedeelte op die vorige bladsy is 'n resensie van die film. Dink jy die persoon wat dit geskryf het, wil hê mense moet die film gaan sien? Watter woorde in die resensie sê dit vir jou?

Ons pas

Kies die woorde regs wat pas by die woorde links.

heldhaftig	gegrond op
gebaseer op	deelname
hoofrolle	verslaggewers van koerante
pers	dapper
betrokkenheid	belangrikste karakters

Onderwyser:

Teken:

Datum:

64

Die klimaks

DATUM





Ons skryf

Dit was tevore 'n paragraaf, maar iemand in jou klas het dit deurmekaar laat raak. Plaas die sinne terug in die regte volgorde. Skryf die nommer van elke sin op die reël langs die sin.

	Die Minister van Basiese Onderwys het Finester na 'n prysuitdelingseremonie genooi.
	Finester het vir 'n digkunskompetisie ingeskryf.
	Die kompetisie is deur die Departement van Basiese onderwys georganiseer.
	"Ek kan dit nie glo nie! 'n Besoek aan die Krugerwildtuin vir my hele gesin," het sy uitgeroep toe sy die koevert oopgemaak het.
	Finester is saam met die Minister van Basiese Onderwys en haar onderwyser afgeneem.
	Finester het haar beste rok aangetrek toe sy die Minister gaan ontmoet het.
	Die Minister het Finester op albei wange gesoen en haar hand geskud.
	Die Minister het 'n groot wit koevert aan Finester oorhandig.
	Vroeg Maandagoggend het Finester 'n oproep van haar onderwyser ontvang.
	Sy het gesê dat Finester eerste prys in die skool se digkunskompetisie gewen het.
	Finester het gewag totdat sy tuisgekom het voordat sy die koevert oopgemaak het.



Ons skryf

Skryf die sinne in die vorm van 'n paragraaf. Gebruik verbindingswoorde soos **en**, **maar** en **omdat** om die sinne saam te voeg. Gebruik ook waar jy kan voornaamwoorde (woorde soos **sy**).



Ons skryf Omkring die regte werkwoord.

Die aarde **is/was** rond.

Everest **is/was** die hoogste berg ter wêreld.

Johannesburg **is/was** in Gauteng

Januarie **is/was** die eerste maand van die Suid-Afrikaanse skooljaar.

Die son **is/was** die middelpunt van ons sonnestelsel.

Wat het jy omtrent jou antwoorde opgemerk? Kan jy sê waarom dit so is?

Ons skryf Vul die ontbrekende woorde in die ruimtes hieronder in sodat die sinne iets beteken.

Al die woorde sal met **w** begin.

_____ het die digkunskompetisie gewen?

_____ woon sy met haar gesin?

_____ skool woon sy by?

_____ het haar gedig gehandel?

_____ het sy uitgeroep toe sy die koevert oopmaak?

Onderwyser:

Teken:

Datum:





Knip die legkaartstukkies uit en kyk hoe vinnig jy die legkaart weer aanmekaar kan sit.







Soentjies en drukkies

Vir my?

Gelukkige Valentynsdag

I ♥ U

Koel!



Mamma Moedersdag

Mamma

Liefde

Ma Mamma

Gelukkige moedersdag

Jy is die koelste!

Word gou



gesond!

Liefde

Veels geluk
met jou
verjaarsdag!



Moedersdag
Mamma
Liefde
Ma











Bookmark

Cut out the bookmark. Write down the titles of the books you read. When you find words you do not know, write them on the back.

Abstruct pop-up:

Cut on all the solid lines.
Fold on the dotted lines.
Fold the card in half. When you open.



Happy Birthday!